ISSN 1017-6837 VDM jg 3/2 Oktober 1993

# VDM

Jaargang 3/2 Nommer 6 Oktober 1993

## Die verskille waar ons verskil

Al die interkerklikheid wat deesdae ter wille van vrede en wie wat alles aan ons opgedring word raak nou net een te veel. Dis eintlik nog altyd een te veel, maar deesdae is jy die melaatse as jy nie daaraan wil deelneem nie.

> *Dit waaroor ons "saamstem" moet nou dit waaroor ons verskil op die agtergrond laat verdwyn*

Of dit nou die een of ander veldtog, jeugweek of bediening is dit vind alles plaas onder die dekmantel van "dit waaroor ons saamstem".

Die groot kommer is, wat van dit waaroor ons verskil. Is dit nou maar sommer deel van party mense se trivial pursuit en dus nie meer rêrig van belang nie? Dit lyk so want ons stem tog saam oor Jesus word altyd gesê. Oor watter Jesus presies, maak aan die einde van die dag nou nie regtig saak nie.

> *Wat Jesus kom doen het, vir wie Hy dit gedoen het en op watter wyse Hy dit gedoen het is nie meer relevant nie.*

Is dit heeltemal oordrewe? Beslis ja, ons praat tog almal van Jesus, die gekruisigde! Maar wat hierdie Jesus presies kom doen het, vir wie Hy dit en op watter wyse Hy dit gedoen het, dit maak regtig nou nie meer saak nie.

Om Hom aan die anderkant darem ook 'n rewolusionêre bevryder wat bereid was om vir sy saak te sterf te noem, is darem ook weer te erg. Die teologie van bevryding is tog voor die hand liggend eensydig en dus verkeerd.

Almal van ons weet tog immers dit gaan alleen om 'n intiem persoonlike verhouding met hom as jou saligmaker waardeur jy gered word. Dit ewe eensydig, piëtisties, dwaling? Nie maklik nie, ons stem dan almal saam oor hierdie basiese waarheid.

**Ja, die enigste verskil tussen ons en die ander is die verskille waar ons verskil, sê die lidmate. Die teoloë verwoord dit meer geleerd: die verskille tussen ons en die Pinkstergroepe is sake op die periferie. Waar dit ook al mag wees. Wat die basiese betref stem ons tog saam! Wat dit ook al mag wees?**

Die dilemma is, ons het almal beloof, nie net dat ons die artikels van die geloof(d.i. die drie formuliere van eenheid) as die waarheid en die volle waarheid aanvaar nie, maar ook dat ons alle leringe wat hiermee in stryd is nie net sal verwerp nie, maar ook aktief sal teëstaan(bestry).

> *Hoe funksioneer my beloftes by belydenisaflegging by al hierdie interkerklike geleenthede?*

Hierdie belofte word meteens 'n lewensgroot probleem as ek as ouderling of lidmaat ewe vroom by die werk gaan luister waar die pastoor sy beurt waarneem. Is my blote teenwoordigheid waar so iets plaasvind nie alreeds 'n verloëning van my geloofsbelydenis nie.

Ja, ek weet die pastoor vermy doelbewus die doop en die spreek in tale, maar ag, as dit tog so eenvoudig was. Die verskille veel verder strek as dit, om die waarheid te sê so ver as Arminius en

nog verder! Selfs tot by Paulus wat waarsku teen die honde van die besnydenis. Gelukkig het die nuwe vertaling dit 'n bietjie sagter gemaak.

Behalwe vir die bepaalde geestelikheid wat tog deur elke teologie inherent met homself saamgedra word is die dinge waaroor ons saamstem regtig net die basiese.

*Die basiese is tog slegs die basiese en een of ander tyd moet ons die kitskos laat staan en by die vaste kosse kom.*

Soveel so dat 'n geskrif oor dit waaroor ons saamstem baie min bladsye sal beslaan. Of dit moet so kort en bondig soos die 12 artikels bly, want die oomblik as dit uitgebrei word kom die verskille asof vanself aan die orde.

Om aan die ander kant weekliks net oor die basiese te praat en nooit by vaster(soeter) spyse te kom nie(Heb. 6), kweek voorwaar 'n oppervlakkige kerk. Die ironie is dat hierdie oppervlakkige eenheidssoeke deesdae as volwassenheid in die geloof beskou word.

Dan praat mens nie eens van die heerlike rykdomme wat agter gelaat moet ter wille van 'n eenheid met mense wat dwaalleringe aanhang nie. Dink aan die verbond of die heerlikheid van die verkiesing: "Aan God die Vader...kom al die lof toe"(Ef. 1) of die duisendjarige vrederyk en vele meer wat alles reeds begin by die bestaan van erfsonde al dan nie.

Kom ons staak hierdie eenheidssoeke ter wille van eenheid of watter ander praktiese voordeel daar ook al in mag wees, want in die proses word die waarheid van die evangelie vir 'n pot lensiesop verkoop.

Om alles(waarheid en valsheid) onder een kombers te probeer toe maak is nie eenheid nie, want eenheid word nie gevind in strukture(komberse) of samesyn nie, maar in die waarheid van Gods Woord alleen.

## Diepte van verskil

Verskeie streeksinodes het reeds hulle kommer uitgespreek oor die Algmene sinode se besluit rakende die AGS en gevra dat die AGS weer geplaas word waar dit was. As 'n tussentydse maatreël het Suid-Transvaal verder besluit dat iemand wat vanuit die AGS oorkom na die Ned. Geref. Kerk, vanweë die ingrypende en diepgaande aard van die talle verskille, volledig gekatkiseer moet word.

## Omvang van verlossing

Einste Suid-Transvaal het op hulle laaste jaarlikse sitting hulle ten sterkste uitgespreek teen die sogenaamde binding van gelowiges en die gepaardgaande praktyk van bevryding.

REDAKTEUR: Danie O'Reilly
TEGNIESE REDAKTEUR: Jaap Naudè
MEDWERKERS: Soos vermeld per bydrae.

ADRES: Die Redakteur, Posbus 8005, Putfontein, 1513.
Tel. (011)969-4992

KOSTE: Intekengelde beloop R 30.00 per keer en is vooruitbetaalbaar. Een uitgawe van 28 bladsye kos ongeveer R 7.50

FREKWENSIE: VDM verskyn telkens as hy gereed is, maar nie minder as vier keer per jaar nie.

ISSN 1017-6837 VDM jg 3/2 Oktober 1993

# LAAT U KONINKRYK KOM!

Ek blaai deur die Heidelbergse Kategismus en probeer vasstel wat die koninkryk is. Ek vind dat die Kategismus slegs op 'n paar plekke uitdruklik van die koninkryk praat.

In vraag 123 word die gebed om die koms van die koninkryk so beantwoord: "*Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons, ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.*"

Die "kerk" en die "ons" waarvan hier gepraat word is tog sekerlik net die ware kerk, mens bid nie so vir die valse kerk nie!

> *Kerk en koninkryk word in die kategismus as sinonieme gebruik: die kerk is die koninkryk, die koninkryk is die kerk.*

In vrae 83 tot 85 word oor die sleutels van die koninkryk gepraat en gevra wat dit is en hoe die koninkryk van God toe- en oopgesluit word. Dit word toegesluit deur die verkondiging van die heilige Evangelie, vermaning en sensuur en uitsluiting uit die gemeente, wanneer lidmate dit volhardend minag. Dit word herhaaldelik as oopgesluit bevestig deur die Evangelie wat deur 'n hartlike geloof omhelś word.

Kerk en koninkryk word hier weereens as sinonieme gebruik: die kerk is die koninkryk, die koninkryk is die kerk.

Maar is die koninkryk nie groter as die kerk nie? Ek is geleer dat die koninkryk God se regering oor stof, plant, dier en mens is. Ek is geleer dat die kerk 'n gestalte van die koninkryk is, maar dat die koninkryk 'n veel groter saak as die kerk is. Die Kategismus weet klaarblyklik nie daarvan nie.

Lees mens vraag 31 oor die ewige koningskap van Christus kry jy weereens bevestiging daarvan dat die kerk die koninkryk IS.

Daar verduidelik die Kategismus dat die Ewige Koningskap van Christus beteken dat Hy ons (die ware kerk) deur Sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar.

> *Waar die uitverkorenes deur Sy Woord en Gees versamel word is die kerk en dit is Christus se koninkryk, Sy genaderyk.*

Christus bewaar ons dus om deel te wees en te bly van Sy ware kerk. Hy roep ons na hierdie sigbare Kerk, na die uiterlike verkondiging van die Evangelie, omdat Hy dit ingestel het in die ware kerk en omdat Hy deur Sy Gees die uiterlike verkondiging gebruik om die ware geloof innerlik te bewerk in sy kinders.

Waar die uitverkorenes deur Sy Woord en Gees versamel word is die kerk en dit is Christus se koninkryk, Sy genaderyk. Die hele Kategismus is deur die ware kerk vir die ware kerk geskryf en daarom verwoord dit die geloof van die koninkryk, die kerk.

Met die eerste oog op slag lyk die kerk as koninkryk te eng, te min, veral as mens dit vergelyk met die groot koninkryksgedagte wat ons geleer is.

> *Die kerk as koninkryk te eng, die groot koninkryksgedagte want dit het as visie om jou uit die bekrompenheid van jou kerkisme te bevry.*

Hierdie groot koninkryksgedagte wat ons geleer is, leer mens om ruimhartig te kyk na die werklikheid, ruimhartig te kyk na alle samelewingskringe en die koninkryk daar te sien en te soek en te help vestig. Dis 'n groot visie, 'n ingrypende visie en is veronderstel om jou uit die bekrompenheid van jou kerkisme te laat uitkom en te bevry.

Ek sou dalk vandag nog die groot koninkryksgedagte geglo het, was dit nie dat ons ter wille van die sg. ekumeniese christendom en sg. christelike verenigings en uitsaaigroepe allerweë opgeroep word om ons(en daarvan word ons beskuldig) enger kerkbelydenis

eenkant te sit ter wille van die koninkryk in die land nie.

*Die kerk word nou in die naam van die koninkryk gevra om die waarheid van sy leer en sodoende sy hart prys te gee!*

Want toe tref dit soos 'n bom: die ware Kerk word nou in die naam van die koninkryk gevra om die waarheid van sy leer prys te gee! Ter wille van die groter koninkryksgedagte en die dringende eenheid daarvoor moet die kerk sy hart gee! Ja, sy hart! Want die hart van die ware kerk is die ware leer van die kerk, nl. die Woord en die prediking daarvan in die onderskeid van Wet en Evangelie (soos die Belydenisskrifte dit leer) omdat die Apostel Paulus ons dit geleer het.

Die ware kerk, wat volgens die Bybel en die belydenisskrifte die koninkryk is, moet nou ter wille van die ekumeniese eenheid van die koninkryksgedagte homself opoffer vir ruimhartige en verdraagsame eenheid en vrede.

Hoe moet hieroor geoordeel word? Is hierdie groter koninkryksgedagte reg of die belydenisskrifte wat die kerk as koninkryk bely?

*Die groter koninkryksgedagte bestaan nie? Dit het nog nooit bestaan nie! Dis 'n filosofiese denkkonstruksie.*

Die groter koninkryksgedagte soos ons geleer is, met sy inspirerende visie en al, bestaan nie! Dit het nog nooit bestaan nie! Dis 'n filosofiese denkkonstruksie wat ons vir dekades intellektueel en teologies gemanipuleer het en wat nou saamspeel met die demokratiseringsproses in die land, om die stem van die ware kerk te probeer belaglik maak, as irrelevant te laat voorkom en dood te swyg!

Die fout het gekom omdat die voorsienigheidsleer soos veral Calvyn en Ursinus dit geleer het in die laaste eeue afgeskeep is.

So het 'n leemte ontstaan in die verstaan van God se regering in die wêreld. In plaas daarvan om die mense te leer van God se voorsienigheids(waar Calvyn en Ursinus vir ons voorgedink het), het die groter koninkryksgedagte in die plek daarvan gekom.

*God regeer die hele wêreld deur sy voorsienigheid.*

Volgens Calvyn en Ursinus omvat die voorsienigheidshandelinge van God alle handelinge van God, sy wil tot die goeie en sy wil om die slegte toe te laat om te gebeur. **(Dit moet onderskei word van God se voorbeskikking waardeur Hy besluit het om die uitverkorenes te red, d.w.s. om Sy koninkryk as kerk te vestig.)**

Sy voorsienigheid omvat sowel sy geopenbaarde as ongeopenbaarde wil vir sy ganse skepping. God heers oor stof, plant dier en mens deur Sy voorsienigheid(en nie die koninkryk nie)!

Deel van die voorsienigheid oor mense(en dit sluit stof plant en dier uit) is die **wetsheerskappy** van God oor die wêreld(die goddeloses, na wie God sy strafgeneraals, Satan, die mag van die sonde en die mag van die dood en die valse kerk stuur, om hulle te vernietig).

Die koninkryksgedagte maak twee foute:

1. Dit maak nie 'n onderskeid tussen die Wet (en God se wetsheerskappy) en die Evangelie (en God se genadeheerskappy) nie.

Daarom word die appèl tot Wetsgehoorsaamheid, 'n gestalte van die koninkryk terwyl die koninkryk as genadeheerskappy van Christus NOOIT deur die Wet tot stand gebring word nie, maar deur die Evangelie.

Die wetsheerskappy maak dus deel uit van God se voorsienigheid terwyl God in Sy genadeheerskappy die koninkryk konstitueer.

2. Die groter koninkryksgedagte is 'n filosofiese denkkonstruksie wat ook al God se handelinge wil verstaan, maar met die verstandhouding dat dit net die goeie wil beskryf omdat dit die koninkryk definieer as **"God se heerskappy en die gehoorsame aanvaarding daarvan."**

Omdat die groter koninkryksgedagte nie die bose, want die bose aanvaar nie die heerskappy

i n f o K E R K

Rekenaar Konsultante BK Reg Nr: CK93/26842/23

Posbus 15629
Verwoerdburg
0140

Ons verskaf:

Rekenaars, Sagteware en ander toerusting

Telefoon : (012) 664-3465

# Rekenariseer u gemeente
met
# Kerkkantoor

Ons nooi u om deel te word van die reeds meer as 400 tevrede gebruikers van die Stelsel.

*Met die onderstaande **statistiek** wil ons graag vir u probeer aantoon waarom u gemeente ook met Kerkkantoor behoort te rekenariseer.*

Daar is reeds **230** gemeentes wat Kerkkantoor gebruik. In hierdie gemeentes is daar reeds meer as **400** gebruikers van Kerkkantoor. Daar is ook reeds meer as **260 VDM** gebruikers en die **SAP** het ook VDM as standaard program vir al hulle Kapelane aangekoop. Kerkkantoor word deur die volgende kerke gebruik:
**Ned Geref Kerk** (insluitende gemeentes in Namibië, Botswana en Zimbabwe.), **Ned Herv Kerk**, **Geref Kerk, NGKA, NGSK, AGS en die APK**. **(Die APK het op hulle Sinode van Aug 93 besluit om op Kerkkantoor te standariseer.)** Gedurende die afgelope **12 maande** het **16 gemeentes** van bestaande programme oorgeskakel na Kerkkantoor. **9 van die 16 gemeentes** se bestaande inligting kon suksesvol omgeskakel word na Kerkkantoor se formaat. Kerkkantoor word bemark en ondersteun deur konsultante van 'n Beslote Korporasie wat reg **oor die land versprei is.**

**Waarom nog wag? Skakel gerus vandag nog een van die onderstaande predikante !!**

| | |
|---|---|
| Jan Venter (012) 664-3465(H), (012) 428-4474(W) | Willem Pelser (012) 546-1190 |
| Danie Batt (021) 786-3019(W), (021) 786-3847(H) | Jamie Rheeder (0331) 6-6158 |
| André Viljoen (01350) 3-1251 | Ruben Enslin (011) 972-5910 |
| Ben vd Walt (01557) 7-1196(H), (01557) 7-2005(W) | Dirk Lourens (011) 854-0213(W) of 613-5713(H) |


van God nie, in God se raadsplan kan opneem nie, wil dit net oor die goeie(as gehoorsaamheid) praat maar in wyer verbande(d.w.s. in kosmiese en samelewingsverbande).

Daarom is die koninkryksgedagte iets groots, iets omvattend, iets geweldig. Die koninkryk moet dus meer wees as die kerk en daarmee moet die kerk hom ook vereenselwig, omdat die koninkryk as goeie in die kerk is, maar ook buite die kerk is.

Calvyn en Ursinus kan maklik van die "goeie" wat die goddeloses doen praat, maar noem dit nog glad nie die koninkryk nie!

Hierdie "goeie" wat die goddeloses doen kom van God wat hulle gebruik om in sy wêreld te doen wat Hy wil, maar die goddeloses se "goeie" dade word daarom nog nie die koninkryk (of gestaltes van die koninkryk) genoem nie.

Dis God se magtige voorsienigheid. Ursinus sê: "*Gods voorzienigheid is die eeuwige, vrije, onveranderlijke, allerwijste, allerrecht = vaardigste en allerbeste raad van God, volgens welke Hij in allen alle goede dingen werkt, en de verkeerde laat geschieden: tot Zijn eer en tot zaligheid van die uitverkoren zondaar.*"

Ons gee dus toe dat miljoene goeie dinge daagliks buite die kerk (as koninkryk, as genadeheerskappy van God) gebeur, maar dis nie onder die genadige plaasbekleding van Christus nie, en daarom nie koninkryk nie. Dis deel van God se voorsienigheidshandelinge wat in Sy wêreld doen wat Hy wil, want Hy wil!

Teenoor die voorsieningshandelinge soos ons dit hierbo verduidelik het, vra die groter koninkryksgedagte van die kerk om **wetsgehoorsaamheid in die samelewing te sien as die ideaal vir die koninkryk,** waarvoor die kerk sy dankbare samewerking moet gee as 'n saak groter as homself, selfs al vra dit om die irriterende puntjies (wat vir ons die hart van ons bestaan is) van die Gereformeerde Leer te verswyg.

Wat meer is: die groter koninkryksgedagte neem nou wraak op die kerk(as koninkryk). Op minstens die volgende wyses:

*Met die pretensie dat die koninkryk gevind word in die ekumene, in die interkerklike organisasie, in die christelike interkerklike media en selfs politieke eenwording, het die groter koninkryksgedagte dit reggekry om die **belydenisgetroue leraars en lidmate verdag te maak en die stigma te laat kry as verengde kerkiste**! Hoe langer mens hieroor nadink, hoe meer besef jy: daar is geen plek vir enige sg. interkerklike oragnisasie nie, want dit vra altyd 'n kompromie ten koste van die waarheid. Ons sien dit nou weer in die ACSV en in Radiokansel.

*Met die pretensie dat die ware kerk die koninkryk buite homself vind, vra die koninkryksgedagte van die ware kerke om hulleself prys te gee as **grenslose kerke(die gemeentegrense-debat) wat hulle identiteit in die samelewing en interkerklikheid en gedemokratiseerde behoefte-gerigte kerke moet vind(en nie meer in die Woord nie)**. Dit sal meebring dat die kerk as koninkryk) sy identiteit verloor en niksseggend gaan word - hulle sal ons eers applous gee, en daarna sal hulle ons uit hulle mond uitspoeg.

*Daar is ook 'n uitgespreekte visie in die NG Kerk dat ons **'n sambreel-kerk moet word wat ter wille van die groter koninkryk baie sienswyses en strominge moet huisves en positief moet stuur** - byna soos die RKK met hulle ordes en strominge.

Die een en enigste koninkryk is en bly egter die genadeheerskappy van Christus in Sy(ware) Kerk, waartoe Christus uit die ganse menslike geslag deur alle eeue die uitverkorenes roep.

Daarom moet ons die koninkryk, die kerk, onderskei van die voorsienigheidshandelinge van God. En dis vir hierdie koninkryk, as kerk, waarvoor die Kategismus ons leer bid: "*Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons, ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat en u heilige Woord bedink word totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.*"

In ons dag beteken die gebed om die koms van die koninkryk: "**Here, bring die leraars van u kerk terug om die ware leer hartlik te omhels. Leer u kerk se verbondskinders dat hulle, hulle kinderdoop wat U genadige insluiting van hulle in die redding sertifiseer, te verstaan en U te glo.**

**Help ons om die weldade van Christus wat Hy plaasbekledend vir ons gedoen het en steeds doen te omhels met 'n hartlike geloof.**

**Laat U ware kerk van krag tot krag gaan, want dit is U koninkryk, die genaderyk van U Seun.Verbreek elke beweging van mense en die duiwel om hierdie leer van ons kerk te belaster of te kompromitteer."**

Die groter en ruimhartiger koninkryksgedagte is toe nie groter nie! God se voorsienigheid is veel groter en wyser. En dis ook nie ruimhartiger nie: want in die omhelsing van alle groepe is dit besig om die kerk dood te druk.

Mag daardie (groter)koninkryks(gedagte) nooit kom nie, en mag ons nooit weer daarvoor bid nie.

Hennie van Schalkwyk
Ned. Geref. Kerk Malvern

# Radiokansel

**Na aanleiding van VDM se plasing van drie skrywers se berig, "Radiokansel openbaar sy ongereformeerde hart", is ons deur 'n afvaardiging van Radiokansel uitgenooi vir 'n gesprek. Ten spyte van herhaalde versoek om hulle antwoord op skrif te stel vir publikasie in VDM wou hulle dit glad nie doen nie. Nietemin het die gesprek in 'n baie positiewe gees plaasgevind. Ons was veral dankbaar om te verneem dat daar nie meer 'n amptelike lys van "kontroversiële dogmatiese sake" bestaan nie. Ons is by herhaling verseker dat die gereformeerde leer welkom is op die senders van Radiokansel, maar dat hulle as gevolg van die breër teikengroep(koninkryk) alles versigtig moet keur. Wat die norme van hierdie keuring betref kon ons mekaar ongelukkig nie vind nie. Heel verstaanbaar natuurlik want ons belydnisskrifte is nie so breed dat dit alles kan insluit nie terwyl Radiokansel ook met ander belydenisse rekening moet hou.**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

Heb 1: 1-3 en 10: 26-31

# OPSETLIKE SONDE

## 1. WAT IS DIE GROOTSTE KRISIS WAARIN DIE NED GEREF KERK HOM TANS BEVIND?

Op hierdie vraag hoor ons deesdae allerlei antwoorde. Weens politieke veranderinge en die totstandkoming van 'n **SEKULêRE STAAT** is dit nie meer belangrik om aan die Ned Geref Kerk te behoort nie. Daarom speel die Ned Geref Kerk nie meer dieselfde prominente rol in die lewe van mense as voorheen nie.

> *Vir sommige het die Ned Geref Kerk gestagneer. Daar is te min lewe in die kerk . Tradisies is die grootse struikelblok.Die Gees word daardeur beperk*

Die Ned Geref Kerk is **VERDAG** en word verder verdag gemaak by die ander kerke. Die Ned Geref Kerk het in die verlede nie genoeg erns gemaak met die eenheid tussen gelowiges nie en doen dit steeds nie.

Die Ned Geref Kerk het **GESTAGNEER**. Die kerk openbaar daarom baie min lewe. Tradisies is die grootse struikelblok. Daarom word ons eredienste al swakker bygewoon. Dit alles maak die Ned Geref Kerk irrelevant. Hy is nou 'n kerk van gister en nie meer van die toekoms nie.

## 2. DIE GROOTSTE KRISIS Lê EGTER NIE IN HIERDIE KRISISSE NIE, MAAR IN DIE METODES WAT ONS AANWEND OM DIT OP TE LOS.

As oplossings vir hierdie probleme word nou allerlei **BEDENKLIKE** pogings aangewend wat geheel vreemd aan die Woord en ons kerk se belydenis is.

Om dit duidelik te maak sluit ons aan by die Hebreërskrywer. Sy diepste kommer lê klaarblyklik in die woorde OPSETLIK BLY SONDIG van 10: 26. My oortuiging is dat ons in die Ned Geref Kerk gevaar loop om hierdie sonde te pleeg.

## 3. WAT IS HIERDIE OPSETLIKE SONDE?

Heel eerste is dit nodig om te sê dat hierdie sonde baie ernstig is soos dit blyk uit die **GEVOLGE** van die hierdie sonde.

In 10: 26 lees ons daar is geen offer meer vir hierdie sonde nie. Die woordorde in Grieks lê al die klem op VIR SONDE. Daar kan offers wees, maar nie vir hierdie sonde nie. Dit staan teenoor 10: 18, "*Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.*"

Dit val in dieselfde kategorie as die van 6: 6. Dit is onmoontlik om iemand wat dit pleeg weer tot bekering te bring. Hierby moet ook 12: 16 en 17 gelees word: "*Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het. Julle weet dat hy verwerp is toe hy daarna die seën wou verkry. Daar was vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met trane daarna gesoek.*"

## 4. DIS DUIDELIK DAT SONDE IN HEBREëRS NIE DIESELFDE IS AS DIT WAT ONS DIKWELS AS SONDE SIEN NIE, NAAMLIK 'N MISSTAP OF 'N SPESIFIEKE DOELBEWUSTE DAAD NIE.

Die skrywer gaan wel in 10: 28 terug op Numeri 15: 27-31 waar dit handel oor die veragting van die Woord van God. Maar hy gebruik juis hierdie onderskeid om 'n nuwe punt te maak.

> *Opsetlik sondig dui hier op die voortdurende verwerping van die waarheid wat verkondig is.*

Met **OPSETLIK SONDIG** het hy nie indiwiduele foute op oog nie, maar 'n **VOORTDURENDE AANHOU MET IETS OPSETLIKS**. Uit 10: 26 is dit duidelik dat ons nie met die oortreding van een enkel gebod te doen het nie, maar met die voortdurende verwerping van die waarheid wat verkondig is.

Volgens Goppelt is dit en die ander vermaninge

die negatiewe sy van Hebreërs se oproepe om in die geloof te bly lewe. Dit was die waarskuwing vir christene vir wie die geloof en hoop stadig maar seker betekenis begin verloor het. Met oop oë het hulle die gevaar gestaan om oor 'n afgrond te loop waarvandaan hulle nie sou kon terugkeer nie.

Dis 'n vermaning vir hulle wat eelte op hulle siel begin ontwikkel het. Sonde hier is **AFVAL**, uitval uit die stoet uit. Dis om jou plek in die Godsvolk te verlaat of prys te gee.

Die Hebreërskrywer beantwoord of vra nie die vraag wanneer 'n mens hierdie "point of no return" bereik nie. Sy doelstelling is die waarskuwing, **MOENIE VAN DIE WAARHEID AFVALLIG WORD NIE**(10: 26)

**5. WAT IS HIERDIE WAARHEID?**

Net soos Jesus in Joh 8: 32-36 sinoniem is met die waarheid is dit hier ook die geval. Die verwerping van die waarheid is hier dus niks anders as die verwerping van die evangelie nie.

Dis alreeds duidelik uit Heb 1: 1-3. "*In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. Uit Hom straal die heerlikheid van God. hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.*""

**JESUS IS DIE KONING** by uitnemendheid 1: 3, 4 en 8. "*Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam.*" En in vers 8 sê God van die Seun: "*U troon, o God staan vir ewig, met u koninklike septer laat u reg geskied*".

**JESUS IS DIE PROFEET** wat alle profete oortref, in Hom is die Woord vervul. **HY** is die **PROFEET** en die **PROFESIE.** Paulus stel dit in 2 Kor 1: 19 en 20 as volg: "*Jesus Christus is nie ja en nee tegelyk nie. Hy is die ja op al die beloftes van God.*"

**JESUS IS DIE PRIESTER** by uitstek, verhef bo die Aaron en Levitiese priesterskap. Sy persoon is **ONHERHAALBAAR.** Hy is van 'n ander orde, die van Melgisedek(7: 10). Die ou orde is uitgedien. Hy is KONINKLIKE priester, EWIGE priester(7: 17). Sy priesterskap is ONOORDRAAGBAAR(7:24). Hy LEWE vir ALTYD(7: 25). Sy offer is ONHERHAALBAAR. Anders as die ander priester bring Hy 'n offer, eens en vir altyd. "*Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het.*"(7: 27). lees ook 9:25-26 en 10: 10 en 12.

Die verlossing is **AFGEHANDEL.** "*Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die ho-hemel*"(1: 3). "*Met sy eie bloed en nie met die van bokke en kalwers nie, het Hy net eenmaal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring*"(9: 12)

**5. OPSETLIKE SONDE IS OM HIERDIE WAARHEID TE VERWERP**

Die opsetlike sonde is meer as die oortredinge van elke dag. Toegespits geformuleer vind ons dit in Heb 10: 29. Dit is om verveeld te raak met die feit dat Christus **GENOEG** is, dat die **GENADE** genoeg is. Dit is die sonde teen die Heilige Gees.

**6. WAT IS DIE KRISIS VAN DIE NED GEREF KERK?**

Dit is om oop oë verveeld te raak met die genoegsame offer van Jesus Christus. Daarom begin ons dan om met allerlei subjektivistiese kragtoertjies **CHRISTUS ALLEEN AAN TE VUL** en op te tower.

Ons sê die duiwel is nog los en ontwerp allerlei metodes om die duiwel te onderwerp. Ons praat van binding en ontbinding en oorlogvoering terwyl die oorlog reeds gewen is. "*Hy ..het net soos hulle mens geword...om deur sy dood die een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.*"*(Heb. 2: 14,15)*

> *Daarom begin ons dan om met allerlei subjektivistiese kragtoertjies Christus alleen aan te vul.*

Hoe is dit dat ons kan sê dat iemand wat in Jesus

glo nog demone kan besit? Is Jesus nie genoeg nie of het ons net verveeld geraak met Hom?

*Genade is net 'nmoontlikheid tot redding. Jy moet eers die voorwaardes nakom voordat dit 'n werklikheid is.*

Die implikasies van bogenoemde is dat ons sê: Dis waar, Hy was uniek, maar daar is meer nodig, meer as Jesus. Hy het net die moontlikheid van redding geskep. Jy moet self die 4 stappe tot die hemel opklim tot by God. Jy moet jou hart in ruil vir jou saligheid gee.

Christus, ja, maar...plus genoeg sondebesef...plus dag en datum...plus genoeg berou...plus ervaring...plus spesiale gebeurtenis...plus die doop...plus plus plus. Gewoonlik is hierdie plusse ook die **NORM** vir **ANDER**.

Enige plus is besig om die genoegsaamheid van Jesus Christus se offer 'common' te maak, te verag(10: 29). Dit is so want daar is net twee moontlikhede. **"In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is wel in Hom, en dan het hy wat Jesus deur die geloof besit, sy volle saligheid"**(NGB Art 22 of ook HK 11:30).

U sien dis alleen wanneer Christus genoeg is, wanneer Hy werklik die redding gebring het, dat ons geloof, berou, sondebesef, gebed bevry word van die valse gedagte dat dit ons deel is wat ons moet doen om gered te word.

*Slegs wanneer Christus genoeg is, word geloof, berou, sondebesef en belydenis die heerlike rus in Gods genade. Dan word dit die wyse waarop ek al die weldade van Christus ontvang.*

Dan word geloof, berou, sondebesef en belydenis die heerlike rus in Gods genade. dan word dit die wyse waarop ek al die weldade van Christus ontvang. Dan kan ons werklik met vrymoedigheid na die genadetroon van God gaan, want Hy lewe vir altyd om vir ons by God in te tree(7: 25).

## 7. DIE VERHAAL VAN LUTHER

Bonaventura was die persoon in wie se skool Luther geestelik opgevoed is. Hulle het gesê dat die verlossing van 'n sondaar een en al genade is, **MAAR** die sondaar het slegs dan die reg om die genade persoonlik toe te eien wanneer hy so 'n volmaakte en diepe berou oor sy sonde het dat God die berou goedkeur as toegangsbewys tot genade.

Overduin noem dat dit vir die oppervlakkige mens aanvaarbaar is. Vir Luther was dit egter altyd 'n probleem. Met sy verstand weet hy dat hy 'n sondaar is, maar met sy gevoel het hy dit moeilik gehad om daar uit te kom - sê nou hy het nie genoeg berou nie?

In 'n preek oor die doop noem Luther die woordjie **"genoeg" 'n DUIWELSE woord!** Hy kom tot die ontdekking dat niemand op die woord genoeg beslag kan lê nie, behalwe Christus!! Hy het genoeg ons skuld aan die kruis gevoel in die Godverlatenheid, Hy het genoeg gedoen, liefgehad, gebid. Hy het die duiwel genoeg oorwin. Sy genoeg gaan oor alles. God se stempel van goedkeuring rus daarop.

"*Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie*"(2: 1).

"*Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van die wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.*"(6: 12)

"*Ons moenie van die samekomste van die gemeente afwegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*"(10: 25)

"*Broers, julle moet toe sien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. Maar solank daar nog 'n vandag is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die verleiding van sonde verhard word nie.*"(3: 12)

"*Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie..*"(10: 36)

**MOENIE CHRISTUS SE VERDIENSTE ONDERSKAT NIE.**

Annes Nel
Ned Geref Kerk Academia

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# DIE CHRISTELIKE TROOS (6)

## GEADRESSEERDE TROOS

### 1. TERUGBLIK

Genade alleen, Skrif alleen, en Geloof alleen dui net op Christus alleen. "*Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, of dit is alles wel in Hom, en dan het hy wat Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid ... Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het ...* (NGB art. 22).

### 2. GESPREKSVRAE

2.1 *Deel alle mense outomaties in hierdie troos ? (HK vr. 20)*

2.2 *Word hierdie troos slegs aan die vrye wil van alle mense aangebied en moet die mens dan besluit of hy dit neem of nie ? (DLR 3/4.13)*

2.3 *God red net mense wat gered wil word ? (DLR 3/4 verwerp. 9)*

2.4 *Daar is geen onderskeid tussen gedoopte en ongedoopte kinders nie. (NGB art. 34)*

2.5 *Wat is die bron van jou troos ? (Ges. 320:1-4)*

### 3. DIE VERBOND AS GEADRESSEERDE TROOS

#### 3.1 Die inhoud van die verbond :

Die verbond het 'n bepaalde inhoud wat soos 'n goue draad regdeur die Bybel loop. Die inhoud kan saamgevat word in: **Ek is jou God en jy is my kind !**

Die doop in die naam van die Vader betuig en beseël dat God die Vader 'n ewige genadeverbond met ons sluit en ons tot kinders en erfgename aanneem.

Die doop in die naam van die Seun beseël aan ons dat die Seun al ons sondes met sy bloed afwas en dat ons in die gemeenskap van sy dood en opstanding ingelyf word. So word ons van ons sondes verlos en voor God regverdig gereken.

Die doop in die naam van die Heilige Gees verseker aan ons dat Hy in ons wil woon en tot lidmate van Christus wil heilig. Hy doen dit deur alles wat ons reeds in Christus het ons eie te maak.

Die gevaar bestaan egter dat hierdie inhoud 'n **voorwaardelike** karakter kan kry : Dat God nie die dopeling aan Homself in Christus verbind nie (vgl. Rom. 6) maar slegs aan 'n kontrak wat **eers geldig word as (mits) die dopeling glo**. Sodoende kry die geloof 'n kondisionele karakter. Die gevolg is dat die sekerheid nie meer op Christus alleen gegrond is nie, maar op die subjektiewe, onsekere geloof. Geloof kry dan 'n kreatiewe i.p.v. reseptiewe funksie.

#### 3.2 Die geadresseerde van die verbond :

Die troos van die verbond is nie geleë in die een of ander subjektiewe eienskap van die gelowige nie, maar in God se onveranderlike trou aan sy beloftes wat Hy reeds by die doop, as teken van die verbond, aan die verbondskind toegesê het.

*Die troos van die verbond is nie geleë in die een of ander subjektiewe eienskap van die gelowige nie, maar in God se onveranderlike trou*

Hierdie toesegging het 'n adres. Dit is nie 'n algemene ongeadresseerde aanbod nie, dan sou ons die kinders sommer almal met 'n mop en 'n emmer water in die algemeen gedoop het.

Die doop geskied egter amptelik in die gemeente en die dopeling word op sy/haar naam aangespreek en die toesegging word gemaak. Die beloftes van die Skrif alleen word aan die ontvanger op dié naam gegee. Die ontvanger kan dus by voorbaat seker wees van die egtheid van die beloftes en van die doop.

Elke gedoopte moet dus hoor wat God aan hom/haar gesê het. Die verbondsouer onderneem om dit deur woord en daad aan die verbondskind

te leer.

Die gedoopte wat weier om dit te glo, stel 'n mosie van wantroue in God se genade en staan dubbeld skuldig, want hy minag die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is en hy beledig die Gees van genade (Heb.10:29). Elke ouer wat sy kind 'n ander verlossingsweg leer, verstaan nie wat die inhoud van die verbond is nie en doop uit gewoonte of bygelowigheid.

Die verbondsouers wat egter hulle kinders leer om die doop te verstaan, is besig om lewende lidmate op te voed. Lidmate wat (saam met Luther) in aanvegtinge kan sê: "Ek is gedoop!"

So 'n seuntjie was by geleentheid op die punt om in 'n vuisgeveg betrokke te raak, toe hy skielik sê: "As ek nie gedoop was nie, het ek jou nou hard geklap."

Die ouer wat 'n kind dan aan die dood moet afstaan kan ook sekerheid hê t.o.v. die kind se saligheid: "*Die Woord van God waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Gelowige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie*". DLR 1.17

Leer jou kind sy doop verstaan, dat hy dit in sy belydenis eggo, en jy het 'n lewende lidmaat !

******************************

# PREEKSKETS

**Rom. 3:21 - 4:5, 4:13 - 5:11 en 6: 1 - 6:14**

In kommunikasie is daar 'n sender, 'n boodskap en 'n ontvanger. Kommunikasie is suksesvol indien die ontvanger die boodskap ontvang soos die sender dit bedoel het.

Soms is daar blokkasies wat suksesvolle kommunkiasie vehinder, bv. persepsies, agtergrond, "bril waardeur jy kyk". Liefde-haat.

'n Uiters gevaarlike blokkasie is as dieselfde woord gebruik terwyl verskillende betekenisse daaraan geheg word.

Uit gesprekke en briewe blyk dit dat dit ongelukkig ook al in VDM voorgekom het sodat dinge wat nie gesê is nie, gehoor is.

Voorbeelde daarvan is: alle gedooptes word gered; Bekering is totaal onbelangrik; Lou christenskap is in orde en dalk nog meer.

## 1. WAT IS DIE INHOUD VAN DIE EVANGELIE ?

Die Gereformeerde teologie, is maar een van verskeie teologieë teenoor bv. die Rooms Katolisisme en die Pinksterisme.(Laat ek myself net vir 'n oomblik in die rede val t.o.v. teologie - dis mos die studie van God se Woord. Wat noem mens kewers wat die mens bestudeer? *Humanologie).*

Die Gereformeerde teologie is gebou rondom Rom. 1:17: "*In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo...*" of soos dit hier in 5: 1 opgeteken is: "*God het ons nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus*".

Hierdie standpunt het gelei tot die spreuk: **Sola gratia - genade alleen!**

Genade is iets wat ons sonder verdienste ontvang - gratis, verniet 3: 24: "*...maar hulle word sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek...*" en 4:16 "*Daarom het die belofte.... uit genade tot Abraham gekom...*"

## 2. VIR WIE IS DIE GENADE ?

Rom. 5: 12-18 beskryf die verhouding tussen Adam en Jesus en in vers 15: "*...maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk*".

Die genade is dus groter as die sonde. Dit moet ons egter nie laat dink dat die sonde klein is nie, allermins die sonde is groter as die mens! Die mens kan nooit, maar nooit self van die sonde loskom nie, nie met die beste wil of dade in die wêreld nie. Daarom dat Paulus in 3: 12-18 die grootheid van die sonde besksryf en in 3: 23 sê hy almal het gesondig en is ver van God af.(Vgl. H.K. vraag 13-14 en NGB 14).

*Die sonde is groter as die mens, maar dit het nie die mens daarvan weerhou om te probeer om homself te red of ten minste God se genade te verdien nie!*

Dit het die mens egter nie daarvan weerhou om te probeer om homself te red of ten minste God se genade te verdien nie!

Rom. 4: 14 stel dit egter duidelik dat indien dit die geval kon wees het die geloof sy betekenis en die belofte sy krag verloor. Gal. 5:4 stel dit ontsaglik sterk: "*Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur*".

Al is ons hoe nougeset ons is te geset vir die koninkryk van God, al het ons 'n Farisese warme ywer vir die werke ons is lou in onsself.

Hierdie sonde het 'n muur gevorm, 'n muur wat die mens gewis nie self kan afbreek nie, maar wat God deur Jesus Christus kom afbreek het (Heb.4:14 e.v.).

God openbaar dus hierdie groot sonde maar die nog groter genade in Sy woord en dit is al waar ons dit kan leer ken. Daarom was die volgende spreuk van die reformasie: **Sola Scriptura - die Skrif alleen.**

## 3. HOE DEEL DIE SONDAAR IN HIERDIE GENADE ?

Die vraag kan nou gestel word of alle mense outomaties in die verlossing deel soos almal outomaties aan die verdoemenis onderwerp is? (Rom. 5:12-18).

**Nee, slegs die wat deur 'n ware geloof in sy weldade ingelyf word.** Die gevaar is egter groot dat geloof nou as 'n menslike prestasie gesien word, dus 'n goeie werk waardeur hy die genade verdien. So word geloof nou iets kreatiefs(dit skep iets nuut) in plaas dat dit reseptief gesien word.

*Verlossing word nie deur geloof verwerf nie, geloof verlaat hom op die verlossing in Christus.*

Verlossing word nie deur geloof verwerf nie, geloof verlaat hom op die verlossing in Christus. Ef. 2: 8 stel dit dan ook baie duidelik as 'n **gawe** van God en nie 'n voorwaarde nie. Die NGB art. 22 stel dit dat die geloof net die **middel** is waardeur ons die verlossing ontvang (vlg. Rom. 3:28).

God het ons sy Woord gegee, **geloof is om Hom op die Woord te neem!** Daarom het die Reformasie gesê die verlossing is deur geloof alleen(**Sola fide).**

Dit is egter nie enige geloof nie, elke mens word nie op sy eie geloof salig nie. Die geloof waarvan hier sprake is, is saligmakende geloof, met 'n bepaalde inhoud.

HK vraag 22: "*Wat is vir 'n christen nodig om te glo?* **Alles wat in die die Evangelie opgeteken is en in die Twaalf Artikels saamgevat word.** God die Vader en ons skepping (en onderhouding), God die Seun en ons verlossing en God die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Vraag 59 vra dan wat hierdie geloof baat? **Dit maak ons regverdig voor God en erfgenaam van die ewige lewe.** Dit skep niks nuut nie, maar deur die geloof ontvang ons dit wat ons ontbreek vir ons saligheid (Calvyn).

Wat is die doel van die sakramente dan? Rom. 4:11 noem dat Abraham die besnydenis as teken ontvang het, 'n seël wat bewys. Dink aan 'n koning se seël wat 'n wet verseël het, dit het die wet bekragtig. **So het God sy belofte deur die doop bekragtig.**

Die NGB art. 33 noem dat God rekening hou met ons swakheid en stompsinnigheid en daarom het Hy die sakramente ingestel ons geloof te versterk en in stand te hou. **Die sakramente wys ons dus telkens weer op Christus alleen - die grond van ons sekerheid.**

Deur die doop word die dopeling van die heiden en vreemde godsdienste **afgesonder, 'n eiendomsoordrag het dus plaasgevind.** (Vgl. art. 34 van die NGB).

**Die doop geskied in die naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees, dus in ooreenstemming met die inhoud van Evangelie, die inhoud van ons geloof.**

*Jy moet dus nie van jou kind 'n vrome godsoeker maak nie, maar jy moet hom leer dat God hom reeds opgesoek het, al wat hy nou moet soek is om volgens God se wil te lewe.*

Die rykste troos en grootste waarheid wat ons ons kinders kan leer, is dat God vir hom/haar op die naam gesê het: Ek is jou God en jy is my kind ! (Heb. 6: 13-14 sê **Hy het by Homself gesweer.)**

Jy maak dus nie van jou kind 'n vrome godsoeker nie, maar leer hom dat God hom reeds opgesoek het, al wat hy soek is om volgens God se wil te lewe.

Wanneer jou kind dan troos nodig het, kan jy hom troos met God se beloftes, wanneer hy twyfel soek hy sekerheid in dit wat God vir hom gesê het en nie in buitengewone ervarings nie.

Dit is egter ook die sterkste oproep tot bekering, maar nie as 'n voorwaarde vir die beloftes nie, maar as 'n vrug daarvan. Dit gaan egter ook om die res van 'n dankbaarheidslewe. Roep hom op om as kind van God te lewe , vgl. Gal. 3:27 : "... *almal wat deur die doop met Christus verenig is, moet lewe soos mense wat aan Hom behoort*".

Die kind wat weier om dit te glo, ervaar verbondswraak, want hy maak God tot leuenaar (Heb. 10:29).

Ons belydenis van geloof(weekliks of by openbare belydenisaflegging) is dus net 'n eggo op God se woord. Die mens se gryp na God is net 'n refleks op God se grype, die mens se "aanneem" van Christus is net moontlik omdat God die mens reeds aangeneem het.


**REKENAARBOEKE EN PROGRAMME**

☐ **Stuur asb. u brosjure oor tutoriale & Afr. spelprogramme**

☐ *Mikrorekenaars en MS-DOS - 'n praktiese gids* ......... @ R 46
☐ *Microcomputers and MS-DOS - a Practical Guide*...... @ R 46
☐ *Die Essensie van MS-DOS 5 - 'n praktiese gids* ......... @ R 38
☐ *The Essential MS-DOS 5 - a Practical Guide*............ @ R 38
☐ *Lotus en mikrorekenaars - 'n praktiese gids* .............. @ R 51
☐ *Lotus and Microcomputers - a Practical Guide* .......... @ R 51
☐ *Mikrorekenaars en apparatuur - 'n Kopersgids*.......... @ R 38
☐ *Quattro Pro 4 - 'n gebruikersgids*........................ @ R 60
☐ *Quattro Pro 4 - a User's Guide*........................ @ R 60
☐ *MS-WORD 5.0 - 'n gebruikersgids*........................ @ R 60
☐ *MS-WORD 5.5 - 'n gebruikersgids*........................ @ R 60
☐ *Leer Programmeer in Pascal en BASIC* .................. @ R 60
☐ *Windows - 'n praktiese inleiding*........................ @ R 49
☐ *WordPerfect 5.1 - 'n praktiese gids*........................ @ R 49

☐ Tjek R...............ingesluit ☐ debiteer my VISA/MASTER:

Handtekening ____________ Vervaldatum ____/____

Naam ..........................................
Adres ..........................................
..........................................
Dorp ..........................................
Poskode..............Tel ..........................................

**Helderberg Uitgewers, Posbus 2230, 7601 Stellenbosch**

kerkad.doc


**4. Die klag teen die Evangelie :**

Die evangelie maak mense passief - Rom.6:1 of onverskillig, H.K. vraag 64. Die DLR 1.13 noem dat **die genade net meer rede is om God te aanbid.** Dit maak dus nie passief nie maar inspireer om met groter ywer 'n dankbaarheidslewe te leef.

**Die christen weet dat sy beste werke nie voldoende is om hom te red nie, maar dat al Christus se werke syne word, sy eie werke is dus nooit 'n voorwaarde vir verlossing nie, maar altyd vrug van die verlossing.**

Kom ons eggo nou ons doop in die belydenis van ons geloof in die woorde van die Twaalf Artikels.


Alwyn Roux
Ned.Geref. Kerk Selcourt


**BAD VAN DIE WEERGEBOORTE**

**Miskien moet ons weer gaan eksegese doen oor Titus 3: 5. Dit kan ons dalk net weer stimuleer om te dink oor wat hierdie uitdrukking alles inhou vir ons verstaan van die kinderdoop asook ons bergip van 'weergeboorte'. Die NGB artikel 32 is 'n baie skerp prikkel in hierdie denke.**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# Gespreksboekie K84/1

## Bybelkor

Die gespreksboekie doen hom voor om die probleem van **skyngeloof** in die kerk aan te spreek met 'n oplossing. Die slot "Byt vas aan jou goeie voorneme" veronderstel dat 'n oplossing gevind word tydens gesprek.

Alhoewel 'n oplossing vir hulle eie aanbieding van skyngeloof gevind word, word **die inhoud van die Evangelie as antwoord van die Woord nêrens, selfs nie eenkeer, verduidelik nie.**

*Die leser word wel met 'n skielike dood en die hel bang gemaak. Deur hierdie dreiging word die leser onder die druk geplaas om 'n godsdienstige keuse te maak.*

Dit wat hulle uitbeeld as skyngeloof is presies die daaglikse stryd wat elke ware gelowige voortdurend teen die sonde voer.

Volgens die boekie gaan sulke Christene hel toe. Dit is teen strydig met die waarheid van Rom.7 en Heid. Kat. 114. Die titel "Net vir Christene" maak 'n ander verstaan vir die gewone lidmaat onmoontlik.

**Die boekie beeld uit dat ten spyte daarvan dat 'n lidmaat die vergifnis van sonde aanvaar, sy lewe nie verander nie. Dit is 'n wanvoorstelling van die vergifnis van sonde, wat onteenseglik tot goeie werke lei.**(HK 87 en NGB 24)

*Volgens die boekie gaan jy hel toe as jy weer sonde doen, ten spyte van die vergifnis wat jy aanvaar het.*

Dis duidelik dat volgens die boekie jy naas die aanvaarding van die vergifnis van sonde, ook nog eers **'n ander stel stappe, aangedui aan die einde, moet doen voordat jy gered is en iemand sal wees wat goeie werke doen.**

Die woord en begrip "geloof" word hier anders as in vorige boekies nie eers meer genoem nie. Hierdeur word nie net die "geloof alleen" as weg tot vergifnis EN goeie werke bespotlik gemaak nie, maar die hele kerk word ligsinnig uitgebeeld. Selfs die konflik en stryd van ongelowiges word hierin ligsinnig en bespotlik voorgestel.

Dis sonder godsdienstige inhoud en sal geen hulp wees in 'n gesprek met kerklos lidmate nie.

## Vryspraak - Geregtigheid?

Die vertaling van die begrip "dikaiosunei" met vryspraak in plaas van geregtigheid in die NAV is nie 'n verbetering nie.

Die term "Vryspraak" ontsluit nie die rykdom van die geloofsinhoude wat in die oorspronklike Griekse begrip vervat is nie.

"Vryspraak" dui slegs op die feit dat ek op grond van Christus se voldoening nie gestraf word nie(betaling van die straf word nou eerder veronderstel met die vertaling "vryspraak").

Die waarheid dat ons deel in die geregtigheid van Jesus Christus kom glad nie meer na vore in die vertaling "vryspraak" nie.

Die diepte van die waarheid dat ek deur God as regverdige voor die wet gereken word het heetemaal verlore gegaan.

Ons is geregverdig omdat ons DEEL IN sy geregtigheid wat Hy is en het. Ons kan egter NIE DEEL in sy vryspraak nie, want Hy is juis nie vrygespreek nie - maar veroordeel in ons plek sodat ons nooit veroordeel sal word nie.(Rom 8:1). Ons deel eerder in sy oordeel as vryspraak waaruit ons die vryspraak as vrug ontvang.

Die hele waarheid van ons eenheid met Christus soos Paulus dit doen met die uitdrukkings ons is :"in Christus" en "met Christus" het heeltemaal verlore en ontoeganklik vir die leser geword a.g.v. die begrip "Vryspraak" i.p.v "Regverdimaking"

**As regverdige is ek "in Christus" verbind tot 'n regverdige lewe. Die begrip "vryspraak" hierteenoor veronderstel geen noodwendige verbondenheid aan 'n lewe volgens die wet nie. "geregverdig" het die betekenis wel in homself opgesluit.**

Petrus Kriel
Ned Geref Kerk Levubu

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# As klein dingetjies dink...

## 'N SKRYWE AAN OUER KALLIES

Geagte Karel,
Ek lees in 'n redakteursbrief van 'n tydskrif se lente-uitgawe die volgende reëltjie raak : "'n Mens word moeg om te skerm teen die koue" en net daar hardloop ek vas in myself, en weet dat ek opeens tot die dood toe moeg is om te skerm teen die seer. Seer en bang wat brand in jou binnekant, totdat jy eindelik verstaan waar die woord "hartseer" sy oorsprong het.

As die kind van 'n mens eers een keer hierdie seer beleef het, skerm hy vir die res van sy lewe. Met alles wat in ons is, weer ons die verdriet uit ons hart - of altans ons probeer !

Karin Blixen merk hier 'n verskil op tussen swart en wit. Ek haal aan: "*The Kikuyu are adjusted for the unforseen and accustomed to the unexpected. Here they differ from the white men, of whom the majority strive to insure themselves against the unknown and the assaults of fate. The Negro is on friendly terms with destiny, having been in her hands all his time.*" (Karen Blixen (Isak Dinesen) Out of Africa p 30)

Maar wie is die donker dier wat ons so paniekbevange in sy kloue vashou ? Sy naam is : Verloor. Ons is bang vir verloor - man, vrou, kind, aansien, populariteit, liefde, kompetisie - jy ken die lys, vul hom aan ! Om iets te kan verloor moet jy dit egter eers besit. En wat is daar tog in hierdie lewe wat aan ons behoort ?

Miskien het ons bederf geraak tussen ons vals sekuriteite en al ons "besittings". Ek praat so maklik van **my** en **myne** : **My** vrou, **my** huis, **my** man, **my** werk, **my** kind, **myne, myne, myne** !!!

Op 'n dag verloor ons dan iets of alles deur die dood, of erger deur die lewe en raak ons gestroop van hierdie eiendomsreg. In ons eenlingskap en totale afsondering uiter ons dan oplaas, soos Tomas, die ontwykende en veel begeerde besitlike voornaamwoord waar ons platgeslaan lê: "My Here en my God."

"*Of the Lord they (the Kikuyu) knew from the great years of drought, from the lions on the plains at nights, and the leopards near the houses when the children were alone there, and from the swarms of grasshoppers that would come on the land, nobody knew where from, and leave not a leaf of grass where they had passed.*

*They knew Him too, from the unbelievable hours of happiness when the swarm passed over the maizefield and did not settle, or when in spring the rains would come early and plentiful, and make all the fields and plains flower and give rich crops.*" (a.w. p31)

Ons ken hierdie God egter nie net uit Sy skeppingsopenbaring nie, maar ook uit Sy Woord, en Hy sê vir ons : "Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Julle moet julle des te meer beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het."(1 Pet. 1:7,10)

Laat ons dan nou lewe soos mense wat uitverkies is, mense wat weet dat hulle nie uitgelewer is aan 'n soort noodlot, en dan so verstrengel raak in die bang en so versigtig en rakelings leef, en daardeur die lewe self misloop nie.(Vgl. HK vraag 28).

Laat ons in hierdie dae van negatiewe denke leef en straal, vol van die groot krag van die Heilige Gees - geborge in die wete dat ons hele bestaan veilig in God se groot raadsplan inpas. Uiterlik moontlik gehawende pelgrims, dog innerlik seëvierend oppad na die nuwe Jerusalem.

Ag kom drink tog saam met my en ons Joodse vriende 'n heildronk op die lewe : TO LIFE ! LE HAJIM !

Die Miemie

ISSN 1017-6837 VDM jg 3/2 Oktober 1993

# DIE KONINKRYK VAN GOD WAT GROTER IS AS DIE KERK.

## 1. KERK

A.
**Deur Jesus se ontvangtenis van die Gees is ons voor God geregverdig en skep die Gees 'n innerlike toekeer tot God in ons. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

B.
**Deur Jesus se geboorte is ons heilig voor God en skep die Gees 'n innerlike waardigheid om God se wil te soek. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

C.
**Deur Jesus se lyding is ek vrygespreek van my sonde en skep die Gees 'n innerlike vryheid om God te dien. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

D.
**Deur Jesus se kruisiging seën God ons, word ons nooit vervloek nie en skep die Gees 'n innerlike dankbaarheid wat God in swaarkry bly dien. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

E.
**Deur die sterwe van Jesus is, alle straf van God, weggeneem vir my sonde en skep die Gees in my die wil om God te dien met my gawes. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

F.
**Deur die begrafnis van Jesus is God se vyandskap teen ons be-eindig en het Hy vrede met ons gemaak en skep die Gees volharding in ons diens aan God. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

G.
**Deur Jesus wat ter helle neergedaal het aanvaar God ons as sy kinders en skep die Gees in ons 'n liefde vir God en sy gebod. Ons deel dit deur die geloof alleen ten volle.**

## 2. DIE BREëRE KONINKRYKSVISIE

A.
*Regverdigmaking is ten volle God se kant van die saak. Maar die mens se kant is dat Hy dit sy eie moet maak, hy moet God in sy lewe innooi. Dis 100% God en 100% mens.*

B.
*Ons heiligheid is Christus is net in beginsel. In die praktyk moet ek dit nog my eie maak. Dit gebeur as jy met God se Gees vervul word. Teorie en praktyk is twee kante van een saak.*

C.
*God se vryspraak is die objektiewe. Die subjektiewe is dat ons die vryspraak ons eie moet maak. Ons doen dit deur te erken ons is verlore onder God se oordeel. Ojektief en subjektief is twee kante van een saak.*

D.
*Die werk van Jesus aan die kruis is die leer van die kerk. Die leer moet ook geleef word. Die selfkruisiging is die geleefde deel van die leer van die kruis. Leer en lewe is twee kante van een saak.*

E.
*Die sterwe van Jesus is die een kant van verlossing. Dit moet nog deel van die mens se lewe word. Dit gebeur as die mens bekeer. Geloof en bekering is twee kante van een verbond.*

F.
*Die feitelikheid moet vir my persoonlike besit word. Deur selfvernedering beleef ek Jesus persoonlik. Feit en persoonlike verhouding is twee kante van een saak.*

G.
*God wat ons aanneem is die uiterlike. Dit moet nog innerlik deel word van jou lewe. Dit gebeur as jy God aanneem. Die innerlike en uiterlike is twee kante van een saak.*

## 3. BYGELOOF

A.
Ek moet God in my lewe ontvang. As ons Jesus in ons lewe innooi vervang Hy die eie-ek van die mens. Dit is wedergeboorte.

B.
Ek moet God in my lewe uitbeeld. As ek my laat vervul met die Gees van God sal God deur my sigbaar word. Dit is heiligmaking.

C.
Ek kan nie geloofsekerheid hê voor ek nie eers aanvaar het dat ek 'n verlore sondaar onder God se oordeel is nie. Dit is 'n ware sonde besef.

D.
Die mens moet sy eie-ek aanvaar as die bron van sy ellende en sy self kruisig as hy lewe van oorvloed wil hê. Dit is ware berou.

E.
Die mens moet sy eie ek-afsterf om die volheid van God in sy lewe te ontvang. Dit is die ware bekering wat redding bring. Geloof en bekering is twee kante van een verbond.

F.
Deur Jesus na te volg in sy vernedering en ons self te verneder moet ons leer om niks te wees. Dan sal God alles in ons wees. Dit is ware nuwe gehoorsaamheid.

G.
Ons moet een wees met God. Deur Jesus aan te neem kry ons deel aan die lewe van God. Om Jesus aan te neem is om jouself in Hom te identifiseer.

| | | |
|---|---|---|
| H.<br>**Deur Jesus se opstanding is God vir ons as sondaars altyd daar as Vader en skep die Gees in ons 'n vertroue in Hom en sy werke vir ons.** | H.<br>*Die linkerlob van die mens is die berekende deel van die mens, dit is die saaklike waar God geken word. Die regterlob die emosionele deel waar God beleef word. Vertroue en 'n intieme persoonlike verhouding is twee kante van een saak.* | H.<br>Ons moet God ons eie maak deur 'n intiem persoonlike verhouding met Hom te beleef. Dit is vervulling met die Gees. |
| I.<br>**Deur Jesus se Hemelvaart is my saak met God reg en het ek 'n vrye toegang tot God as Here. Ons deel dit deur alleen geloof ten volle.** | I.<br>*Ons saak met God is deur Jesus in die Ewigheid waar.Dis regverdigmaking in die Ewigheid. Maar dit moet ook in die tyd waar word vir jou persoonlik. Deur 'n volle oorgawe vind die regverdigmaking in die tyd plaas. Tyd en Ewigheid is twee kante van een saak.* | I.<br>Ons moet ons saak eers met God regmaak deur 'n volle oorgawe van jou eie ek aan God voor ons Geesvervuld kan leef. |
| J.<br>**Deur Jesus se regering aan die regterhand van God staan ek nie meer onder die wet nie maar onder God se genadeheerskappy en skep die Gees in my 'n roeping en aanspreeklikheid teenoor God in alles. Ons deel dit deur alleen geloof ten volle.** | J.<br>*Die deel wees van God se genade gaan oor die persoonlike saligheid. Maar dit moet ook in strukture en sosiale verbande gerealiseer word. Dit gebeur as alles aan die totale beheer van God onderwerp word. Persoon en strukture is twee kante van een saak.* | J.<br>God moet die totale beheer van jou lewe oorneem. Dit gebeur as jy die beheer van die lewe aan God oorgee en self niks wil wees nie. |

*In hierdie uitleg het ons die wyse waarop die breëre koninkryksvisie in die Ned. Geref. Kerk. verkondig word. In die tabel oor bygeloof het ons die bygeloof soos wat dit deur die opwekkings- en herlewingsgodsdiens van die Murrays en hulle dissipels verkondig word.*

*Dit is presies die teenoorgestelde van die inhoud van die kerk. In die kerk is Jesus die Middelaar, wat sy heilswerk vir en in ons uitvoer sonder enige wetsgehoorsaamheid van ons kant. Ons moet Hom alleen maar vertrou vir sy heilswerk. In die bygeloof is Jesus se heilswerk net 'n model van hoe ons met God kan identifiseer. Dit is sonde in die naam van God.*

*Die breëre koninkryksvisie is die poging om bygeloof en geloof twee aksente van dieselfde Evangelie te maak. Die aard van die visie is dat die Evangelie net 'n rasionele verstaansraamwerk word waarbinne die bygeloof ongehinderd beoefen word.*

*Die koninkryksvisie is die ruimte van die filosowe, die wetenskaplikes en taalkudiges vir wie geloof en bygeloof een en dieselfde saak is. In hulle gemoed moet beide geloof en bygeloof diensbaar wees aan die "groter koninkrykssake". Dit is nie toevallig dat die groter koninkryksake niks anders is as die politiek - ideologiese en sosiaal - filosofiese tydsgees van die dag nie.*

*Die koninkryksvisie is die ruimte wat die Pinksterisme gebruik om hulle bygeloof as 'n interkerklike geestelikheid naas die kerk, maar in die naam van die kerk uit te brei. Dit gee aan die Pinksterisme die verskansing dat hulle nie sekte is nie, maar groter en oper is met die Evangelie as die engheid van kerkwees in gemeentes.*

*Die breëre koninkryksvisie is die sosiale kontrak tussen die Humanisme en Piëtisme om die sonde van identifikasie met God as die boodskap van die kerk van die Here te regverdig. In hierdie sosiale kontrak tussen wetenskaplikes en geestelikes, fakulteit en dissipelskapskole, word die Evangelie van die kerk vir die lidmate in gemeentes vervreem en vernietig.*



ISSN 1017-6837 VDM jg 3/2 Oktober 1993

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# SKRIF AAN DIE MUUR.....!

## SJUUT, EK IS GEDOOP!

Geagte Ds. OReilly,
Dit is vir my as student en lidmaat van die Ned. Geref. Kerk skrikwekkend om te sien hoe lidmate van ons kerk hulle weer laat doop.

Daar kan maar een rede wees hiervoor: die kerk laat mense belydenis van geloof aflê terwyl hulle nog nie presies weet waarvoor hulle daar 'ja' sê nie. Met hierdie gebrekkige 'weet' het ek natuurlik nie net die leer op oog nie maar ook die lewe. Hoe anders verklaar jy die brawe stuk etiek wat skuil agter "Sjt, ek is gedoop!"

Is dit nie dalk nodig om die ouderdom waarop dooplidmate belydenis van geloof aflê te evalueer nie? Is dit werklik nodig dat daar 'n ouderdom moet wees? In hoe 'n mate is belydenis van geloof maar net 'n statussimbool of iets wat ek doen omdat my ouers sê dis reg?

'n Groot faktor in hierdie probleem is sekerlik die kerk se ruggraatloosheid wat dooplidmate maar belydenis van geloof laat aflê ter wille van vrede in plaas van om hulle terug te hou as dit nodig mag wees.

Die grondprobleem is natuurlik die fondament wat gelê is. Die kerk leer die kinders(mense, mevrou dominees) verkeerd. Met 'n foutiewe verkondiging van bekering, moedig hulle die mens aan om die eerste tree te gee op die pad van sektarisme. As die lidmate dan later die volle sektariese pad van 'herdoop' en alles wat daarop volg wil loop kan hulle nie begryp waarom hulle nie mag nie. Die NG kerk het hulle dan so geleer.

Ek wonder hoeveel mense, as u my sal verskoon dominees, verstaan nog dat die doop God se teken is dat hy driedubbele trou aan my sweer en dat ek dit moet glo en so moet gaan leef, openlik, sonder enige ge-sjt.

Ek dink dis tyd dat die kerk weer hard en duidelik sê bekering red jou nie, maar dat bekering juis 'n dankbaarheidsdaad is omdat jy gered is en die doop dit sigbaar aan jou bevestig het. Dan sal die mense nie die 'gehoorsaamheidsdoop' ondergaan nadat hulle deur hulle eie bekering gered is nie.

Chris Waldick
Ned. Geref. Kerk Summerstrand

*Ek dink jy sal hierdie uitgawe met sy twee preke oor die doop baie geniet.*

*****************************************************************************

## ACSV

Geagte Redakteur
Graag antwoord ek hiermee op Cassie Carstens van die ACSV se brief in die vorige uitgawe van VDM.

### 1. DIE ACSV, DIE PINKSTERGROEPE EN DIE NED. GEREF. KERK

Cassie Carstens sê hieroor:

* "Die ACSV aanvaar as uitdrukking van sy belydenis die drie Formuliere van eenheid, omdat hulle in ooreenstemming met die Heilige Skrif is." (Artikel 2.2 van die grondwet van die ACSV.)
* Hy erken dat pastore van Pinkstergroepe kringleiersklasse mag aanbied en stel voor dat Dominees en Pastore dit op 'n rotasie-basis moet doen.
* Hy vra of die NG Kerk dan die Pinskter= groepe as 'n dwaling moet bestry.
* Hy vra dat ons nie op 'n patriargale wyse vir pastore moet dink of hulle die geloofsbasis van die ACSV(nl. dat die ACSV die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf OMDAT dit met die Heilige Skrif ooreenstem) werklik goed begryp nie.

a. Daar is in verskeie geledere in die NG Kerk besware teen die besluit van die Algemene Sinode wat oor spesifiek die AGS geneem is, veral oor die feit dat daar geen volledige verslag oor enige leerverskuiwings nader aan die Gereformeerde Leer aangetoon is nie.

Daarom het die Natalse Streeksinode besluit om die Algemene Regskommissie te versoek om die AGS in te deel onder die belydenisverband waar hulle was voor die Algemene Sinode. Ander Streeksinodes het ook soortgelyke besluite aanvaar.

b. Om nie op patriargale wyse oor die pastore te oordeel nie het ek vir 'n pastoor gaan vra om self op die volgende vrae te antwoord:

1. Pastoor, aanvaar u die kinderdoop soos in die gereformeerde kerke geleer word as 'n geldige doop of moet mens jou bekeer en glo voordat jy gedoop mag word? Verduidelik asseblief u antwoord. **(Die ACSV glo dat die kinderdoop 'n ware doop is omdat dit met God se Woord ooreenstem.)**

*Hierop het die pastoor geantwoord dat hy hoegenaamd nie daarmee saamstem nie en dat die gereformeerde standpunt onbybels is.*

2. Pastoor, aanvaar u dat God in sy ewige raadsplan die uitverkorenes voor die grondlegging van die wêreld in Christus uitverkies het en die goddeloses in hulle sondes laat bly en verbygaan? Verduidelik asseblief u antwoord.**(Die ACSV glo dat die vyf Dordtse leerreëls omdat dit met God se Woord ooreenstem.)**

*Hierop het hy geantwoord dat ons die genade aanbod wat God aan almal bied moet aangryp.*

3. Pastoor, hoe sou u die Evangelie opsom? Stem u saam dat die uiteensetting van die 12 artikels in die Heidelbergse Kategismus die Evangelie volledig saamvat? Verduidelik asseblief u antwoord.

*Hierop het hy geantwoord dat hy nog net een of twee keer lank terug die belydenisskrifte deurgelees het en nie op hoogte van die verklaring van die Heidelbergse Kategismus is nie.*

4. Pastoor, presies hoe word 'n mens gered?

*Hierop het hy geantwoord dat mens wedergebore moet word en dis 'n ervaring wat moet plaasvind waarin jy Jesus ontmoet en Hom aanneem.*

5. Pastoor, waarom het die AGS dit nodig gevind om die NGB ingrypend te verander - was die NGB dan nie reg soos dit was nie?

*Hierop het hy geantwoord dat die AGS sy eie karakter het en o.a. baie verskil met ons siening oor die sg. Ou Verbond. Die NG Kerk is veral op die Ou Verbond gebou. Die kerk is eers op Pinksterdag gestig. Die hele Ou Verbond (= Ou Testament) is 'n heenwysing na die kerk. Op Pinksterdag kom die kerk eers tot stand deur die onderdompelingsdoop en die Gees gee wonderlike gawes. Die spreek in tale is 'n belofte wat Christus aan almal gee wat Hom in gehoorsaamheid ernstig soek. Dis omdat hierdie dinge in die AGS gebeur dat die AGS die NGB geredigeer het om sy siening en ervarings te verwoord.* (Die AGS beskuldig ons mos reeds van lankal af dat ons 'n Joodse sekte is.)

6. Pastoor, is u goed bekend met die inhoud van die Drie Belydenisskrifte en is u bereid om in die openbaar te verklaar dat u die Drie Formuliere onvoorwaardelik onderskryf en vir die Belydenisinhoud daarvan te sterf indien u daarvoor vervolg sou word?

*Hierop het hy geantwoord: Nee, nie onvoorwaardelik nie. Ja, in soverre dit met die AGS standpunt ooreenkom.*

Hy sien verder sy optrede in die skool(by godsdiensonderrigperiodes en die ACSV) as 'n geleentheid om mense van Jesus te vertel en hy kan nie die Belydenisskrifte as geloofsuitgangspunt gebruik nie.

Hy het stoutmoedig vertel dat daar verlede jaar van hom in die godsdiensonderrigperiodes by 'n plaaslike hoërskool verwag is om die inhoud van die Wet te behandel. Die AGS, sê hy, sien geen meer funksie vir die Wet nie. Hy het gevolglik sy eie variasie gegee en die kinders openlik uitgenooi om self te onderskei tussen sy aanbieding en die dominees se aanbieding. Die kinders kon dus duidelik sien dat sy aanbieding bybels is, en die dominees s'n nie.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

## SKRIF AAN DIE MUUR vervolg

Die Pastoor se stoutmoedigheid het toegeneem en verder vertel dat hy weet dat daar van die Jeugdepartement van die AGS groot druk op die ACSV geplaas word, omdat die getalle AGS kinders in die skole toeneem en hulle kan nie hulle pinksterbelewenis in die skool laat inhibeer deur die Gereformeerde leer nie. Mens kan nie die Gees keer nie.

Bg. antwoorde van die pastoor is ook deur 'n ander Pastoor bevestig.Terwyl NG leraars verbind is om in die openbaar aan die geloofsinhoud van die Belydenisskrifte te hou, mag pastore, wat daardie inhoude openlik minag en verwerp die geleentheid kry om verbondskinders te bearbei. Hiervoor beroep Cassie hom op die koninkryk.

**2. DIE ACSV EN DIE KONINKRYK**

Cassie vra of dit vanuit die hoek van die skoolhoof en bestuursraad nie ter wille van die Koninkryk beter is dat net een Christelike vereniging in die skool toegelaat word nie, eerder as dat elke kerk sy eie vereniging in die skool vestig.

Die antwoord hierop vind u in die artikel oor "Laat U Koninkryk kom!"

**3. KRITERIA VIR GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT.**

Cassie sê dat die ACSV 'n spiritualiteit wil beoefen wat nie die gereformeerde beginsels ondergrawe nie, maar juis daarop steun, maar, sê hy, hy sou graag kriteria wou weet waaraan Gereformeerde spiritualiteit behoort te beantwoord.

'n Antwoord hierop is goed beredeneer deur prof Willie Jonker in "Woord teen die lig 3/2; Riglyne vir prediking oor die wandel met God." Wanneer hy praat oor die gevoelsmatige element wat wel 'n plek behoort te hê, skryf hy: "Dit is egter ook duidelik hoe hieruit allerlei vorme van ontsporingmoontlik was. Die ontsporing tree in wanneer die subjektiewe kant van die werk van die Gees in die hart losgemaak word van die verbande waarin dit Bybels moet funksioneer. Dan kan die menslike keuse verselfstandig word teenoor die genadewerk van God, soos in die Arminianisme, en kan die oë na binne gerig word en die mens se ervaring 'n groot aksent ontvang, soos in die Piëtisme." (p. 20/21 ev.)

**4. DIE HANTERING VAN OKKULTE BINDINGE, KWELLINGE EN/OF BESETENHEID(DAAR IS DEESDAE SO BAIE WOORDE HIERVOOR) DEUR DIE ACSV.**

Cassie sê dat die ACSV nie okkultiese gekweldheid op 'n demonstratiewe eksorsistiese wyse wil verbeter nie, maar op 'n pastorale begeleidingswyse. Het Cassie regtig "verbeter" bedoel, want ons praat tog oor die mag van Christus en sy volkome Middelaarskap?)

Buiten dit, hoop ek nie dis verbondskinders waarvan hier gepraat word nie. Hulle kan tog op geen wyse deur die okkulte gekwel of gewat word nie, behalwe as Jesus net 'n halwe Middelaar is. Les bes hoop ek die "pastorale begeleiding" van kinders wat met glasies speel is niks anders as die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie.

Die ACSV lê ons almal na aan die hart. Daarom sal daar dringend na die "nuwe" grondwet met sy onverstaanbare wysigings gekyk word, want dit gaan om die suiwere evangelie wat onvervals verkondig moet word.

Groete
Hennie van Schalkwyk

---

# KOMMENTAAR VAN VER AF

Beste Danie,
Baie dankie vir die moeite wat jy doen met VDM, en dankie dat ek so af en toe een ontvang. Ongelukkig het daar êrens 'n gaping ingekom en het ek verlede jare op 'n kol twee van dieselfde eksemplaar ontvang via verskillende adresse. Ek het vantevore op die Comores pos deur die Galawa Hotel se privaatsak ontvang en ook 'n VDM of wat via die adres wat die jaarboek aangee, naamlik die gemeente Potch Miederpark. Dis my sendende gemeente, maar ek het intussen geskuif van die Comores na Mayotte. Dis dieselfde

omgewing, maar Mayotte is Franse gebied.

Daarom, hierby is 'n tjek vir inskrywing en die ekstra posgeld vir 4 eksemplare, lugpos asseblief. Dit kan maklik R 12.00 per eksemplaar kos om VDM per lugpos by my te kry, maar doen dit asseblief. Ek glo VDM is dit werd. Nie dat ek met alles saamstem wat gesê word nie, maar dit is stimulerend vir my prediking ook.

Graag lewer ek so 'n bietjie kommentaar op April 1993 se VDM.

1. **Al die artikels/preke/opmerkings/polemieke is lesenswaardig en prikkelend. Deurgaans goeie eksegese en goeie toepassing.**

2. **Roelie Erasmus se artikeltjie, Volwasse kategese verwys:**

Die waarheid wat hy uitlig, is dat in die NT mense onmiddellik gedoop en in die gemeente opgeneem is as hulle in Jesus Christus geglo het.

Die volgorde was Mt. 28: 19, maak dissipels, doop, leer. Moet dit nie nou nog ons sendingpraktyk wees nie? Deur met Jesus te identifiseer deur in Sy naam gedoop te word, het die 'nuwe' gelowige hom\haarself onderneem om dan voortdurend geleer te word - in die gemeente.

Ek stem saam met Roelie as hy voel ons moet daarheen terugkeer. maar dit sal ook beteken dat ons, ons kategese aan verbondskinders nooit as 'voltooid' moet beskou nie.

Dit is die siek wortel van die huidige praktyk van volwasse kategese. Dit maak nie saak op watter wyse iemand lidmaat word nie: sy dit deur verbondsopvoeding/kategese/belydenisaflegging, of deur sendingarbeid/uitreiking na buite-kerklikes.(Dis in elk geval 'n aanklag teen enige gemeente as die getalle van eersgenoemde meer is as laasgenoemde!) Elke lid moet konsekwent in die gemeente meewerk en so ook die gemeente opbou as liggaam van Christus.

Die toepassing van Roelie se punt 4 moet in alle gevalle geld, ongeag die wyse waarop iemand lid geword het.(Die atletiekbaan-beeld is hier ter sake. Die dwaling dink die wenpaal is die belydenisaflegging, daarna die rus. Die waarheid is dat die belydenisaflegging net die wegspringblokke is. Kategese is die oefen vooraf om te verhoed dat jy moeg word en uitsak).

3. **Die Bybelstudie oor Joh 3 verwys:**

Dis werklik goed. Ek dink net die probleem 'water en Gees' het heelwat meer om die lyf. Ver van 'n biblioteek moet ek ongelukkig nou jare terug uit my geheue opdiep.

Maar ek meen tog dat die praktyk van proseliete-doop aan die wortel daarvan sit. Ek meen dis Strack-Billerbech wat sê dat die Rabbynse literatuur na die proseliete-doop as 'weergeboorte' verwys. Die konteks wys op die ooreenkoms wat die Jode getrek het tussen die Joodse wassing en die doop van Johannes(3: 23, 25).

Verder was Nikodemus as 'die' rabbi baie goed op hoogte met die praktyk van proseliete-doop wat die Jode vereis het vir heidene wat Jode wou word. Die heidene moes deur die proselietedoop 'weer gebore' word binne die verbond.

Nou wys die Here vir Nikodemus daarop dat hy ook 'weer gebore' moet word - soos wat hulle van die heidene vereis om 'weer gebore' te word as Jode. Deur met water besprinkel te word, het hy nodig om in die werklike Abrahamverbond, die verbond met Christus(Gal. 3: 15 ev.)weer gebore te word. Dis die werk van die Gees.

Die ander twee verwysings na wedergeboorte in die Bybel staan direk in verband met die doop, Titus 3: 5 'Bad van wedergeboorte' en 1 Petrus 1: 3 verwys na die wedergeboorte wat God gee na die doop v.2 : 'besprinkel met die bloed...'

Ek noem dit nie as kritiek nie, daarvoor is jou studie te deeglik. Dis eerder 'n kantaantekening wat ek as ek weer in SA is, 'n bietjie sal bestudeer.

4. **Nou, Hoër op kaalkop:**

Bravo, Athanasius. Wat jy noem is net die begin. Ek het 3 en 'n half jaar in 'n derde-wêreld land gewoon en kan 'n boek skryf oor buigbare reëls en die filosofie daaragter. Ek dink egter prof. Attie van Niekerk het dit sinvol gedoen in die SA konteks.

Dawie de Wet
Mamoudzou, Mayotte.

*Baie dankie vir jou brief ek het dit effe verkort. Ons moet versigtig wees om 'n ordes te af te lees in hetsy in Mt 28 of in Hand. 2: 38(Bekeer, doop) en selfs in 1 Pet 1. Die belydenisse lê 'n besliste verband tussen doop en weergeboorte. Daarom dink ek ons sal met groot vrug hieroor kan (en moet) gesels.*

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993



# VERBOND-EX OPERE OPERATIO

Geagte broer
Ek was teleurgesteld dat my vorige brief oor die onverdienstelike karakter van geloof, nie geplaas is nie. Ek hoop nou maar dit was as gevolg van 'n gebrek aan ruimte, en nie omdat my uiteensetting VDM ongemaklik maak nie. Ek hoop in elk geval u sal die moed hê om hierdie brief te plaas. Hopelik sal dit die teologiese debat bevorder.

Daar is so baie dinge in VDM waarmee ek my grondig kan vereenselwig, soos bv. die aksent op genade alleen en die afwysing van die eksesse van die pinksterisme. Maar die tekens van 'n **meganiese verbondsbeskouing** is verontrustend. Daarmee bedoel ek die teologie wat sê: "Ek is 'n verbondskind, dus is ek outomaties ook 'n kind van God." Dit, lyk my, was presies die fout wat die Jode gemaak het. Jesus se dispuut met die Jode in Joh. 8: 31 ev is baie insiggewend. Die Jode beroem hulle daarop dat hulle kinders van Abraham is(8:39) en gevolglik ook kinders van God(8:41). Jesus erken hulle afkoms(8: 37), maar op grond van hulle werke en ongeloof(8: 37), verklaar Hy hulle tot kinders van die Duiwel(8: 44).

Dit wil voorkom asof 'n meganiese verbondsopvatting ook in sekere gereformeerde kringe voortbestaan: "Ons is verbondskinders; dus is ons kinders van God." Wanneer 'n mens dit eenmaal glo, word die geloof-nes vir die Jode-eintlik oorbodig. Jy is mos reeds kind van God; jy moet nou net daarna lewe. Of die geloof word verskraal tot 'n blote hoofdelike instemming, gereduseer tot kennis alleen. Wanneer die teologie eenmaal op hierdie weg beland het, is die uitloper daarvan 'n dualisme tussen leer en lewe. Dit is nie meer belangrik hoe ek lewe nie. Owergesetsynde: ek is heilig, ongeag hoe onheilig ek is. Ook dit is 'n tipies Joodse en erg onbybelse standpunt. Jesus het gewaarsku dat ons geregtigheid meer moet inhou as die van die Fariseërs, en Hy het gesê dat die boom aan sy vrugte geken word.

Soos ek die verbond verstaan, is daar 'n breë stroom van mense wat binne die verbond is-mense aan wie die verbondsbeloftes gemaak is. Maar dan is daar binne hierdie breë stroom 'n smaller stroom van mense wat kinders van God is-mense wat uit genade met geloofsgehoorsaamheid

gereageer het. Dit is tog die boodskap van beide testamente, nie waar nie?(vgl Rom.10:1-4;11: 7-8)

God maak by die doop aan ons beloftes. Hy skenk aan ons die heil in Jesus Christus, maar wat God aan ons skenk by die doop, moet deur ons toegeien word deur die **geloof**. Dit is, volgens Jonker, die misterie van die bose dat mense kan verwerp wat God uit genade aan hulle skenk-ook verbondsmense. Dit leer die Bybel ons en ons sien dit elke dag in die praktyk.

'n Teologie wat die verbond vermink tot 'n meganiese werking, en genade so verstaan dat geloof en geloofsgehoorsaamheid daardeur uitgewis word, loop op die lange duur tog ook maar weer uit op werkgeregtigheid en werkheiligheid. As daar vir mense gesê word: "Jy is 'n kind van God, omdat jy 'n verbondskind is", wil hulle daarna lewe, ongeag die versekering: "Jy is heilig, hoe onheilig jy ook al lewe." Hulle soek dan sekerheid in hulle eie lewens, in plaas van buite hulleself in Jesus Christus. Dit is wat gebeur wanneer geloof verskraal word tot blote hoofdelike instemming(kennis), en vertroue in die slag bly.

Ek hoop werklik dit is nie die teologie wat u besig is om te bedryf nie.

Johan Kriel
Ned. Geref. Kerk Welkom

*Die goeie nuus is dat ons nie nie so 'n teologie bedryf nie. Die slegte nuus is dat dit in VDM gevind word, want dit is nie daar nie. Lees gerus Alwyn Roux se preek op p. . Hy wys oa daar op die kommunikasie versteurings tussen senders en ontvangers wat tot foutiewe kommunikasie lei.*

*Miskien is deel van die probleem dat die genade as een aksent beskou word van 'n saak met twee pole. En verder dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen glo dat ek 'n verbondskind is en glo dat ek 'n*

*kind van God is. "Wanneer 'n mens dit glo word die geloof eintlik oorbodig". Is dit nie juis geloof, om God te vat op sy Woord wat hy sigbaar beseël het in die doop nie.*

*Die dualisme tussen leer en lewe waarteen jy waarsku is in die wyse waarop ons die verbond verstaan nie moontlik nie. Inteendeel, beklemtoon ons juis dat die doop jou oproep om te glo wat God in die doop aan jou beseël het. Meer dat dit jou oproep tot bekering, tot 'n lewe van dankbaarheid(VDM1/1, p.7, Doop appèl-Bekeer jou!). Owergesetsynde roep dit jou tot 'n heilige lewe omdat jy heilig gemaak is(VDM 2/3, p. 2, "Omdat ek dit glo leef ek so-HEILIG."*

*Hierteenoor roep die Pinksterisme egter gelowiges(wat nog ongered is?) op tot bekering sodat hulle gered kan word. Roep hulle gelowiges tot 'n lewe van heiligheid omdat hulle nog onheilig is. Hulle moet dit self word deur hulle bekering en dit bly deur die najaag van heiligmaking.*

*Ten diepste dink ek die probleem is gesetel in die polêre benadering van hierdie sake. Aan die eenkant word gesê dat geloof 'n gawe is en geen verdienste in homself dra nie, maar aan die anderkant word dit op so 'n voorwaardelike manier hanteer dat dit wel verdienstelik word. Dis vir my steeds onverstaanbaar hoe dat geloof as voorwaarde anders kan funksioneer.*

*Op dieselfde wyse word die doop 'n skyndoop. Natuurlik is daar niks outomaties in die doop nie. Dis juis God se vrye genade waarmee hy hom aan die verbondskind verbind. En wat Hy daar sê is die waarheid. Wat is hierdie beloftes anders werd? Vanselfsprekend moet hierdie beloftes geglo word. Ongeloof is tog 'n verwerping daarvan, maar dit beteken nie dat dit eers geldig word as jy dit glo nie. Watter troos sou daar dan vir babas gewees het? Nee, die Woord sê nie dit geld AS jy dit glo nie. Dit sê, dit geld, GLO dit!*

*Ons sal weer moet ontdek dat genade nie 'n passiewe aanbod is wat aanvaar of verwerp kan word nie. Dis 'n heerskappy en in hierdie heerskappy doen God met my 'n klomp goed. Hy neem my aan as iemand wat dit nie verdien nie en dan loop hy met my 'n pad.*

*Ja, dis nie steriele genade wat van my reaksie afhanklik is nie, maar dis 'n aktief werkende genade wat geloof in my skep. Dis genade wat my 'n nuwe mens maak, wat my heilig gaan laat lewe omdat ek nie anders kan nie(HK. vr.64). En les bes is dit genade wat die goeie werk wat Hy begin het sal voltooi.*

*Kortliks: Die verbond roep my op om te glo wat in Christus aan my ons geskenk is en deur die doop aan my beseël is - dit is die vryspraak, die heiliging, die verlossing(1 Kor 1:30). Alles is myne daarom moet ek dit glo. Dit word nie eers myne as ek dit glo nie.*

*********************************************************************************************

# UITVERKIESING IS GOD SE WIL

Beste Ds. O'Reilly
Die gedeeltes in die Skrif wat mense in ons kerk(en buite ons kerk:pinkstergroepe)aanhaal ten einde te "bewys" dat jy 'n christen word wanneer jy Jesus Christus aanneem, is die volgende: Joh 1: 12, Joh 3: 16, 2 Kor 5: 20 en Open 3: 20.

Jou redding is volgens hierdie standpunt afhanklik van jou besluit om Jesus aan te neem en wel deur middel van jou bekering. Wanneer jy dan hierdie bekeringshandeling verrig, deur nl. jou sonde te bely en Jesus deur gebed aan te neem, word jy 'n kind van God.

Bogenoemde is egter die beskouing van die Arminianisme, of Remonstrante, hedendaags die Pinksterisme. Om op te som: die bekering van die Arminianisme kom daarop neer dat die mens 'n vrye wil het waardeur hy 'n eie wilsbesluit moet neem om Jesus aan te neem langs die weg van 'n bekeringsproses waarin, onder ander sondebelydenis 'n voorwaarde is.

Die uitverkiesing, sê hierdie standpunt, is dat God in die toekoms ingekyk het en gesien het wie Jesus gaan aanneem en wie nie. Diegene wat deur eie wilsbesluit Jesus aangeneem het word dan uitverkies en die wat besluit het om Jesus nie aan te neem nie word dan a.g.v. hulle besluit nie uitverkies nie.

Die gereformeerde leer(wat ooreenstem met die Skrif)is egter dat God reeds lank gelede, voordat

# SKRIF AAN DIE MUUR vervolg

hy die wêreld geskape het, in Sy onveranderlike Raadsplan, sonder om enigsins die mense se wil, of werke, of wie hulle is, uit louter genade gered het en uit vrye guns alleen vir Hom 'n volk in Christus uitverkies het.(Met sy vrye wil kies die mens altyd teen God.)

Die vrugte wat voortspruit vanuit God se verkiesing is o.a. die geloof en die bekering wat as 'n gawe aan sy uitverkorenes ingegee en ingestort word. Hierdie dade bewerk nie die mens se redding nie - dit is net goeie werke en vrugte wat die Heilige Gees in die lewe van die uitverkorene werk.

Die weergeboorte(ook 'n vrug van God se verkiesing) maak van die ongelowige 'n gelowige. Dis 'n geheimsinnige en tegelykertyd heerlike soete daad van die Heilige Gees waarin die mens passief(en dood) is en die Heilige Gees aktief is, 'n daad waardeur die ongelowige opgewek word uit sy geestelike dood, en lewend gemaak word.

Hierdie guns is vrye guns alleen, en genade alleen wat God ter wille van die offer en verdienste van Jesus Christus, gee aan wie Hy wil.

Bogenoemde tekste moet daarom nie so verstaan word dat die redding van die mens se wilsbesluit afhang nie. Dit moet eerder verstaan word saam met die talle ander gedeeltes in die Skrif wat die ganse mensdom oproep om Jesus aan te neem('n sinoniem vir geloof).

Daar is dus 'n oproep tot alle mense om te glo. Dit beteken egter juis dat hulle alle menslike aandeel in die verlossing moet laat vaar en alleen God se genade in Christus aanvaar(glo). Dis duidelik dat die geloof 'n louter reseptiewe saak is.

Dit beteken dat alhoewel alle mense opgeroep word om te glo, die geloof deur die Heilige Gees slegs ingegee en ingestort word aan diegene wat deur God daartoe verordineer en uitverkies is.

Omdat ons nie weet wie uitverkies is nie word die evangelie aan almal verkondig omdat die heilige Gees d.m.v. die verkondiging van die evangelie juis die geloof en bekering in die uitverkorenes wek.

Sydney Syphus
Meyerton

Ns. Dit sou goed wees as VDM met elke uitgawe hierdie tekse reg kon uitlê. Miskien sal dit die misverstaan opklaar?

*Ja, die mense worstel maar met hierdie tekste. Hou gerus die toekomstige VDM's dop veral met die oog op Johannes 1: 12 en 3: 16!*

---

# SKULDBELYDENIS IS NIE NODIG NIE

Geagte Redakteur
Ek verwys na die preekskets: "Skuldbelydenis?", in die laaste uitgawe van VDM. In hierdie preekskets word die indruk geskep dat dit nie juis belangrik is om jou sonde te bely nie. As dit hoegenaamd die bedoeling van die skrywer is, moet ek dringend daarteen waarsku. Dit is nie in lyn met die skrif nie.

Ons vind dit telkemale in die OT dat God Sy volk vergewe het nadat hulle opreg berou oor hul sonde gehad het en dit voor God bely het.

Dink maar aan koning Dawid nadat hy in sonde verval het met Batseba. Kyk net hoe hy in Ps.51 sy sonde voor die Here bely: "*'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie. Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoedig*ing: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God."

Ons kan maar ook die talle ander konings in herinnering roep wat na gruwelike sondes berou getoon het en hulle bekeer het. God het hulle vergewe en hulle selfs voorspoedig gemaak.

Verkondig die profete nie aan 'n ontroue Israel nie: "Keer terug na My, en Ek sal My na julle keer" sê die Here. Ek wil dit beklemtoon: berou, bekering en belydenis van jou sonde is noodsaaklik en belangrik!

Seën en goeie wense.

Hester Prins
Roodepoort

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# WILLIE ANTWOORD

*Geagte Hester*
*Eerstens wil ek jou vra om weer na die preekskets te kyk. Iewers praat ons by mekaar verby. Ek het nêrens gesê dat dit nie nodig is om jou sonde te bely nie.*

*Wanneer jy 1 Joh. lees sal jy agterkom dat daar nie juis 'n saak vir sondebelydenis uitgemaak word nie. Johannes praat wel baie oor sonde en onderstreep telkens dat ons nie meer in die sonde vasgevang is nie. Hy wil dat die leser verstaan dat Jesus Christus se verdienste aan die kruis volledig en genoegsame betaling is vir die sonde van die mens en dat ons daarom van alle sonde vrygespreek "is".*

*Tweedens wys ek jou graag op die liturgie wat die res van die erediens uitmaak. In die liturgiese deel, na die preek, stel ek juis voor dat die gemeente daartoe oorgaan om hul sonde voor die Here te bely. Elkeen van ons het sonde, en sonde moet bely word, maar binne die regte raamwerk.*

*Met die regte raamwerk bedoel ek dat ons sonde bely as 'n daad van dankbaarheid. Die Vader het aan ons barmhartigheid bewys deurdat Hy sy Seun gestuur het om die mens met Hom te versoen.*

*Die versoening is deur die Here Jesus bewerk deurdat Hy die Wet volkome gedoen het en vrywilliglik die straf vir ons sonde aan die kruis gedra het. Sy gehoorsaamheid, Sy lyding en Sy sterwe word ons deur God toegesê asof ons dit self gedoen het.*

*Juis omdat ons dit so verstaan, bely ons, ons sonde voor die Here.* **Ons bely dit nie sodat ons vergifnis kan ontvang nie, maar omdat ons reeds vergifnis ontvang het (amper 2000 jaar gelede op Golgota).** *So verstaan ons as Gereformeerdes dit.*

*Dit is so jammer dat baie mense dit nie so verstaan nie, maar eerder sondebelydenis as voorwaardelik vir sondevergifnis sien.*

*Sou dit die geval wees dat ons eers ons sonde moet bely voordat dit ons vergewe kan word, skep dit die volgende probleme:*

*1. Dan staan ons soos die mense in die OT onder die wet en nie onder die evangelie nie. Ons staan juis nie onder die wet nie, maar onder die evangelie, naamlik die goeie nuus dat God alles gedoen het wat vir ons redding nodig is en dat ons niks kan doen wat redding regverdig nie.*

*2. Indien sondevergifnis afhanklik is van sondebelydenis, beteken dit per implikasie dat God net sonde kan vergewe wanneer ons dit bely. Dit sou beteken dat God onmagtig is en afhanklik is van wat 'n mens doen. Dit grens net te na aan Godslastering.*

*3. Indien God ons vergewe op grond van die feit dat ons sonde bely, kan mens tereg vra of dit dan vir Christus nodig was om te kom en Sy lewe vir Sy kerk af te lê.*

*Kom ons aanvaar dit: ons hoef nie eers ons sonde te bely om vergewe te word nie. Ons hoef ook nie al ons sonde een vir een en dan nog by die naam op te noem nie. Ons hoef onsself ook nie oop te kloof, trane te stort, te rou en te vas nie. Ons kan maar net sê "Here, wees hierdie sondaar genadig!"*

*Wanneer ons sonde bely, sê 'n teoloog in ons kerk pragtig, kan ons dit doen met 'n traan in die oog en met 'n glimlag op die mond. 'n Traan in die oog omdat sonde so jammerlike, ongoddelike en afskuwelike saak is. 'n Glimlag op die mond omdat Jesus Christus reeds vir ons vergifnis aan die kruis verwerf het en God op grond daarvan ons vryspreek.*

*Willie du Toit*
*Malvern*

## GELUKKIGE HUWELIK!

**Dankie Here dat ek in die 50 jaar wat verby is nie èèn dag ongelukkig getroud was nie! 'n Gelukkige huwelik is erg genoeg**

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

Efesiërs 1:3-14.

# 'n Voorbeeld vir 'n dooppreek.

**Teksvers:** Ef. 1: 13, "In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël."

**Tegniese middele:** 1 A4 koevert, 1 seël, 'n wit A4 bladsy, kleur penne en een klein dogtertjie wat net op die regte plekke ja of nee sê. Dit kan die preek maak of breek.

> *Die babas kan God nog nie hoor of verstaan nie. Maar God sê dit nou al sodat hulle van kleins af tot hulle groot is nooit hoef te wonder of te twyfel aan God se liefde vir hulle nie.*

Ons doop vanoggend babatjies. Ons doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Deur die doop sê God vanoggend aan die babatjies, Dewald en Johan, drie trooswoorde.

Hulle kan dit nog nie hoor of verstaan nie. Maar God sê dit nou al sodat hulle van dat hulle klein is tot hulle groot is nooit hoef te wonder of te twyfel aan God se liefde vir hulle nie.

God praat met hierdie kleingoed net soos die mammas die kleintjies van hulle geboorte af troos en met hulle praat, al verstaan die babas nie die woorde nie.

Hierdie trooswoorde is nie algemene stellings wat vir almal waar is nie. Dit is spesifieke trooswoorde wat vir klein Dewald en Johan bedoel is. Daarom word hierdie trooswoorde met die doop aan hulle spesifiek en nie sommer aan almal verseël nie.

As ons hulle vanoggend doop in die naam van die Vader dan verseker God die Vader vir Dewald en Johan dat hulle as babatjies regtig ware kinders van die Here is.

Voor die hele wêreld gemaak is, het die Vader gekies om die twee seuntjies vanoggend lief te hê. Hierdie twee seuntjies is vanoggend werklik heilig en onberispelik voor God. Efesiërs 1: 3-6. Dis wonderlike genade.

Hierdie twee seuntjies gaan nog baie sondes doen. Nou nog voor hulle self sondes kan doen doop ons hulle in die naam van die Seun. Daarmee verseker God self dat die sondes wat hulle gaan doen alles klaar vergewe is en dat God hulle nooit sal straf as hulle sondes doen nie.

Hulle is klaar verlos van die skuld van die sondes - God sal hulle nie straf nie maar elke dag losmaak van die straf op die sonde. Hulle is baie ryk kinders. Ryk in God se genade. Efesiërs 1: 7-8.

Ons doop hulle ook in die naam van die Gees. Daarmee verseker God hulle dat hulle lidmate van die ware geestelike kerk van die Here is, nie net sommer ingeskrewe lidmate van die Ned. Geref. Kerk. nie. God het self besluit dit moet vir die twee seuntjies waar wees en daarom het God hulle lidmate van Homself gemaak. Efesiërs 1: 9-11.

Hierdie seuntjies kan nog nie glo of bekeer nie, maar hulle is klaar kinders van God, ware kinders van God, klaar los van hulle sonde en klaar lidmate van die Here se liggaam. Hoe het dit gebeur?

> *Die groot plan van God is Jesus, en kyk mooi, elke keer word gesê hulle is "in" of "deur Jesus" kinders van God.*

Die groot plan van God is Jesus, en kyk mooi, elke keer word gesê hulle is "in" of "deur Jesus" kinders van God. Wat beteken dit om "in Jesus" heilig , onberispelik, verlos en vergewe te wees vir hierdie twee seuntjies?

Kom ons gebruik 'n voorbeeld. Sien julle die mooi wit papier? *(Nou moet daardie dogtertjie die preek help maak en nie breek nie)*. Hoe lyk die papier vir julle? **(skoon en wit)** Dink julle dit is hoe klein Dewald en Johan wat ons vanoggend doop se lewe lyk? **(Hulle sê in 'n koor ja)**.

Onthou nou vanoggend is ons almal papiere. Dink julle die Here wil sulke mooi wit en skoon en vars

papiere as sy eiendom hê? **(Die koortjie behoort ja te sê).**

Nou wys dominee vir julle 'n geheim. Die Woord leer ons dat die twee klein babatjies, Dewald en Johan wat ons vanoggend doop nie so lyk nie. Hulle is in sonde ontvang en gebore. Hulle het nog nie sondes gedoen nie, maar hulle is klaar sondaars.

Kom ek wys julle hoe werk dit. *(Frommel nou die A4 papier op in 'n klein bondeltjie en rol dan die verkreukelde papier oop.)* Hoe lyk die papier nou? *(Die koortjie kry weer 'n beurt.)* Dink julle die Here hou van so verkreukelde papier. **(Nee. Maar baie weet en voel hulle moet ja sê anders is hulle uit).**

Dink julle klein Dewald en Johan gaan sondes doen soos hulle groot word. **(Gewoonlik is die antwoord ja).** *(Noem nou 'n paar sondes en met elke sonde krap op die papier met kleur pen.)*

Dink julle die Here hou van so 'n papier? **(Nee, ongetwyfeld).**

Dit is nou die geheim. Wat sê die Here vir Dewald en Johan? Onthou hulle is klaar verkreukelde papiere en baie gou gaan hulle soos hierdie vuil papier lyk. Die Here sê hulle is heilig, onberispelik, klaar vergewe en lidmate van sy liggaam.

Hoe kan dit waar wees? Hulle kan nog nie sondes bely nie? Hulle kan nog nie tot bekering kom nie? Nog 'n groter geheim, dink julle 'n mens kan die papier so skoon kry dat hy vanself weer 'n mooi wit papier is? **(Nee.)**

Party mense sal probeer om die papier te was en te stryk, maar op hom self kan hy nooit wit en skoon wees nie en ook nie deur hom te probeer was en stryk nie. *(HIerdie gewas enstrykery dui op vergifnis deur bekering en herdoop).*

Hoe kan die Here dit sê? Maklik. Elke keer word daar gesê ons is "in Jesus" heilig en onberispelik. Kyk wat het ons hier. *(Wys die koevert).* As ek 'n adres op die koevert skryf aan wie behoort die inhoud van die koevert? Aan die persoon wie se adres daarop is. Kom ons skryf op die koevert: aan die Vader.

As ons 'n seël op die koevert sit, moet daar nog iets weer 'n keer betaal word of is alles klaar betaal? **(Dit is alles klaar betaal.)** Kom ons sit die seël op: dis die bloed van Jesus wat alles betaal.

As ons die koevert in die posbus gooi. Wie sal kyk dat hy dag vir dag elke keer in die regte hande is en elke regte plek uitkom totdat dit sy bestemming bereik? Die koevert, dit wat binne die koevert is of die poskantoor? **(Natuurlik die poskantoor.)** Hierdie poskantoor stel die werk van die Heilige Gees voor.

Dit is die geheim. Jesus is die koevert, Hy behoort vir altyd aan die Vader, Hy het met sy bloed klaar ons sondes betaal en vergewe en die Gees is sy gawe.

Kom ons vat die vuil en verkreukelde papier. Dink julle die papier kan 'n kindjie van die Here wees. **(Nee.)** Dink julle ons moet die papier eers skoon kry? Nee, kyk nou. Nou vat ons die vuil papier met vuilheid en al en sit om binne in die koevert, plak hom toe. Aan wie behoort die papier nou?

Kyk wat staan op die koevert. Aan die Vader. Dink julle die papier moet nog iets betaal om by die Vader uit te kom, omdat hy so vuil is? Nee, binne in die koevert is alles klaar betaal, maak nie saak hoe dit binne lyk nie.

Dink julle die papier moet self probeer om eers by die Here uit te kom om skoon te word? Nee, in die koevert sal die Gees hom na die Vader as eiendom en kind neem.

Dit is die geheim maats. Klein Dewald en Johan word gedoop in die naam van die Vader, die Seun en die Gees, omdat die Here self hulle binne in Hom ingesluit het.

Hulle is in Jesus soos 'n papier in 'n koevert. In Jesus behoort hulle aan die Vader, is hulle heilig. In Jesus is alles klaar vergewe en in Jesus sal die Gees na hulle elke dag omsien. Buite Jesus sal God hulle nooit aanvaar nie.

Dink julle as die papier in die koevert is hy behoort regtig aan die Vader of is dit sommer net speel-speel. Natuurlik, is dit regtig. Dewald en Johan is regtig ware kinders van die Here wie se

sondes regtig klaar vergewe is en hulle het regtig die gawe van die Heilige Gees in hulle lewe. Daarop verseël ons dit soos die teksvers dit se: "*In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.*"

Die laaste geheim! Dink julle dat as die papier eendag oud en groot is dat ons hom uit die koevert kan haal en sê: "*Papier jy is nou mooi groot, toe jy klein was, was jy in Jesus en het jy aan God behoort. Nou is jy 'n mooi groot papier. Nou moet jy self sorg om 'n mooi gestrykte en skoon papier te wees en te bly.*"

Natuurlik nie. Dit is nou mos sommer laf. Maak nie saak hoe oud die papier is, as hy nie in die koevert is, is hy op sy eie, verkreukel en vuil en kan hy niks doen om aan God te behoort nie. 'n Mens is nie as jy klein is God se eiendom in Jesus maar as jy groot is moet jy dit self word en bly met bekerings nie.

Dit is wat die Here al vir sy dissipels geleer het: " Dit verseker Ek julle: "*Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.*" Luk. 18:17

Petrus Kriel
Ned. Geref. Kerk Levubu

# BROEDERSKAP

Die AGS distrikspastoor skakel my vanoggend en wil hoor waar ons broederlik aansluiting kan vind ter wille van diekoninkryk in die ACSV. Ek verduidelik toe dat ons kennisse kan wees, maar **nie sonder meer broeders nie, want broederskap berus op eensgesindheid oor wat ons glo.**

Die pastoor probeer toe om my met sy vriendelikheid te manipuleer en ek vertel hom net so vriendelik hoeveel ons verskil. Toe vriendelikheid nie werk nie, word hy kwaad en vra of ek die goed wat ek kwytraak aan my gemeentelede sê.

Ek sê toe ja. Hy wil weet of ek ook my bedenkinge oordie AGS met my gemeente deel. Ek sê toe dis my plig as gereformeerde dominee.

En toe word hy kwaad. Hy waarsku toe dat as ek die AGS sê geloofsinhoude in ons eredienste sou kritiseer hy my lidmate by die dosyne sal grootdoop.

En toe lag ek vir min of meer een minuut lank, ek kon werklik nie help nie. Toe ek my asem terugkry, sê ek: "Pastoor, maar jy dreig my mos!" Hy sê nee, hy dreig nie, hy lig my in.

Dis nou broederskap! As ek nie die pastoor se broeder wil wees(op sy manier nie) nie, dan straf hy my deur ons kerk se lidmate groot te doop. **Ek het al van die doop as daad van gehoorsaamheid gehoor, maar van die doop as straf nog nooit.**

Sien jy pastoor hoe diep lê ons verskille? Jy wil net my broer wees om my te manipuleer. Jy het eintlik jou oë op ons lidmate, maar jy wag jou kans af.

Eers word jy my broer en dan word ons interkerklik en dan preek ons oor en weer en dan wys jy vir ons gemeente hoeveel "geesteliker" is jy as ek, en dan roep jy hulle op om aan "Christus" volkome gehoorsaam te wees en hulle te laat doop en in tale te spreek (want eers dan wys jy jou ware kleure) en dan skeur jy ons gemeente.. en dit alles doen jy in die naam van broederlikheid?

Maar as ek jou van die begin af sê ons kan nie broers wees nie, nie voor ons gepraat en gepraat en gepraat het nie, (en daarna miskien ook nog nie), word jy kwaad.

Pastoor, watter broederskap verkondig jy?

En dit was nag.(Johannes 13:30.)

Fiela del Vos

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

Mark.8: 27-33

# "Wie sê jy is Jesus?"

Met hierdie belydenis van Petrus bereik die boek van Markus sy hoogtepunt: "Jesus is die Christus".

Die ontmoeting met Jesus verplig elke mens om oor die vraagna te dink en dit te beantwoord: "Wie is Jesus?".

Herodes het hierop geantwoord. Hy het gemeen dat Jesus, Johannes die Doper is. Die Fariseërs het ook tot 'n antwoord gekom. Hulle het gereken dat Hy van die satan was en hulle wou Hom doodmaak. En nou het die tyd gekom dat Sy dissipels ook hierdie wesensbelangrike vraag moet beantwoord. "Wie sê julle, is Ek?"

Dit is interessant om te let op die plek waarheen Jesus en die dissipels gegaan het toe Hy hulle hierdie belangrike vraag gevra het.

Hulle was naby Seserea-Filippi. Die stad se naam was oorspronklik Paneas genoem, vernoem na die heidense god, Pan. Daar was ook 'n tempel vir hom daar gebou. Later het die keisers tempels daar laat bou tot verering van sekere keisers. Hulle het immers gesê die keiser, is God.

In hierdie omgewing, met sy heidense agtergrond - die aanbidding van gode en die verering van mense - vra Jesus vir Sy dissipels hierdie groot vraag.

Met hierdie vraag wil Jesus Sy dissipels bring tot 'n persoonlike belydenis. Tot op hede het hulle Hom aangehoor, gesien wat Hy doen en oral met Hom saamgegaan. Hulle het dikwels gehoor dat Hy sê die koninkryk van God het naby gekom.

Eers vra hy hulle wat die mense van Hom sê. Hierop volg daar baie antwoorde. Dit lyk nie juis of die dissipels aan vrymoedigheid ontbreek om hierdie vraag te beantwoord nie. Party mense se dat Hy moontlik Johannes is, soos Herodus gedink het. Ander dink weer dat Hy, Elia is, die voorloper van die Messias. Ander weer redeneer dat Hy 'n groot profeet is ....

**AL DIE ANTWOORDE SPREEK VAN DIE MENSE SE ONGELOOF IN JESUS. HULLE ERKEN HOM NIE AS DIE MESSIAS NIE.**

Nou gooi Jesus die vraag om in 'n persoonlike vraag. Wat sê hulle: Wie is Hy? Moontlik was daar stilte en onsekerheid by hulle oor wat hulle moet antwoord. Tog sien ons dat Petrus genoeg moed het om Jesus te antwoord. Met oortuiging spreek Petrus sy oortuiging uit: "U is die Christus!"

Daarmee spreek Petrus 'n belydenis uit wat mettertyd in die harte van christene vaste vorm begin kry het. Met hierdie belydenis van Petrus is verklaar dat Jesus die Messias is. Hy is die belangrikste figuur in die geskiedenis van die mensdom.

En hoe reg was Petrus nie. Die Here Jesus aanvaar dit as vanselfsprekend. Hy praat nie eens verder met hulle daaroor nie. Hy wil hê dat hulle dit nie nou al verder versprei nie. Hy moet nog eers verheerlik word. Hy moet nog eers ly, gekruisig word en sterf en daarna uit die dood opgewek en so verheerlik word. Dit is die werk wat die Messias moet doen.

**HY IS DIE LYDENDE KNEG.**

Dit is duidelik dat baie nie geweet het wie Jesus regtig is nie. Ek glo dat daar vandag ook nog baie verkeerde begrip oor Hom is. Indien Jesus vandag sou vra: "Wie se die mense is ek?", glo ek dat ons ook verskillende antwoorde sal kry.

1. Sommige sal sê: **"U IS DIE GROOT BEVRYDER!"**

En hoe waar klink dit nie. Maar dit is nie wat die mense bedoel nie. Hulle bedoel nie bevryding uit die sonde en verlorenheid nie. Nee, hulle dink nie eens aan die Here Jesus as die gekruisigde nie.

Vir hulle is Jesus 'n Bevryder met 'n bybel in die een hand en 'n AK-47 in die ander hand. Jesus is

slegs 'n politieke bevryder in hulle oë. Daarom beteken die kerk vir hulle niks as hy nie deelneem in die politieke stryd nie.

Hulle sê ook, dat sonde nie dit is wat teen God se wil ingaan en skadelik vir jou as mens is nie. Sonde is die sosiale ongeregtigheid. Verlossing van sonde beteken om uit hierdie sosiale ongeregtigheid te kom na 'n regverdige stelsel, wat dit ook al vir hulle mag beteken.

Dit is nie die Messias waarvan die bybel ons leer nie. Dit is nie Christus nie. Dit is eerder revolusie in die kleredrag van godsdiens. Ook die kerk in SA is en word met hierdie monster gekonfronteer.

2. Ander sal sê: **"U IS MY VERSEKERING"**

Vir party is Jesus niks anders nie as hulle versekering. Hulle assuransie wat hulle uitgeneem het sodat dit met hulle kan goed gaan.

Hulle glo omdat geloof soveel voordeel kan inhou. As jy net glo in Jesus, reken die mense, sal geen onheil jou tref nie. Geen siekte en hartseer is deel van jou lewe nie. Jy sal net vreugde en vrede ervaar. Jy sal voorspoed ervaar. Daarom reken hulle dat jy groot bedrae geld vir die Here moet gee, dan sal God jou seën met baie meer.

*Indien dit nie met jou goed gaan nie, is dit omdat jy nie jou beste vir God gee nie. Of omdat satan 'n houvas oor jou gekry het?*

Dit MOET eenvoudig net goed gaan met jou. En indien dit nie met jou goed gaan nie, is dit omdat jy nie jou beste vir God gee nie. Of sê hulle omdat satan 'n houvas oor jou gekry het.

En hoe rampspoedig is dit nie vir hulle wat so oor Christus dink nie, as dit nie met hulle goed gaan nie. Veral as die krisisse, siekte, dood, armoede of iets dergelik hulle getref het.

Dit is ook nie wat Christus kom maak het nie. Hy is nie versekering van een of ander aard wat net sukses en welvaart waarborg nie.

3. Baie sê weer: **"U IS LIEWE JESUS".**

Dit is gewoonlik mense wat dit baie ernstig bedoel met hulle godsdiens. Hulle is baie keer baie goeie mense wat toegewyd en nougeset lewe. Hulle lyk soms na die ideale soort christene. Daarom dat ons fyn onderskeiding nodig het.

*Die dinge wat hulle sê, klink soms so bybels, want dit is terme en verse uit die bybel uit*

Dit is mense wat glo dat jy as mens 'n klomp dinge moet doen om gered te word. En die dinge wat hulle sê, klink soms so bybels, want dit is terme en verse uit die bybel uit. Maar gewoonlik word dit buite konteks en buite verhouding gebruik. Teksinleg word gedoen en nie teksuitleg nie.

Van die dinge wat die mense sê, is die volgende:
**jy moet glo en jou laat doop*
**jy moet in tale spreek (bewys van die Heilige Gees)*
**jy moet "Slained in the Spirit" wees*
**jy moet 'n wedergebore christen wees*
**jy moet jou nog bekeer*
**jy moet lofprys ....*
**jy moet eers jou sonde bely*
**jy moet bid*

Dit is nie waar nie. Dit is **LIEWE-JESUS TEOLOGIE**. Want met al hierdie dinge verdien jy jou saligheid. Dit is dinge wat jy doen om die genade aan te vul of te voltooi.

Dit impliseer dat die regverdiging wat die Here Jesus aan die kruis verrig het nie goed genoeg is nie. Dit sê eintlik dat Jesus Christus nie by magte is om 'n mens te red nie. Eers wanneer jy as mens iets doen, dan is Hy by magte om jou te red. Daarom moet 'n mens al hierdie dinge doen.

Dit is nie die Here Jesus van die Nuwe Testament wat ons bely nie. Mense wat so glo, glo in 'n onvolmaakte Verlosser. Mense wat hierdie soort godsdiens aanhang en propageer glo in 'n ander Jesus as wat ons in glo.

Vir hulle moet ons baie duidelik sê dat hulle dwaal. Want dit wat hulle sê bots met die skrif en ons kerk se belydenis. Daarom kan ons nie elkeen wat sê, hy glo in Jesus, om die nek val as my broer nie. Want sulke geloof is vals. Wie dit verkondig kan ons maar soos Paulus, in sy brief aan Galate, 'n vervloeking noem! So sterk moet ek oor die valse geloof voel. Daarom moet ons eerder die evangelie van waarheid aan hulle verkondig.

4. Daar is net een belydenis, soos die van Petrus: **"U IS DIE CHRISTUS!"**

Hy is die Middelaar. Hy is die gesalfde. Hy is deur God gestuur. Hy is met die Gees gesalf as die volkome Middelaar.
Hy het alles gedoen. Aan die kruis.Ons kan niks doen nie. Ons kan maar net glo in die wonderlike genade. Dit met dankbare harte aanvaar. Jesus Christus het alle gedoen wat ons vir ons saligheid nodig het. Daarom kan ons met vreugde bely: "U is die Christus!"

Willie du Toit
Ned Geref Kerk Malvern

# GRENSE

Met die val van die Berlyn muur lyk dit asof gemeentegrense nou volgende in die ry is.

Hoe dit ook al sy die hele debat of is dit debakel rondom gemeentegrense ruik(stink) na puur opportunisme. Hoe anders verklaar mens die ontvangs van beswaarde lidmate in buur- of nabyliggende gemeentes, om van die aansit van sulke lidmate aan die nagmaalstafel nie eens te praat nie.

Hoe baie moet ek nie hoor nie, maar ons verloor baie lidmate as gevolg van grense! Klink dit nou nie na wetteloosheid wat maar toegelaat moet word nie? Of jy gee my my sin of ek staak my lidmaatskap. So al op die spoor van die res van die Nuwe Suid-Afrika, of jy hou op om my te vang as ek te vinnig ry in Commissionerstraat of ek staak. Aan die anderkant of ek maak soos ek wil of ek storm deur die vensters.

*Die afskaffing van grense kan kerkskeuring voorkom. Gemeentskeuring is darem baie minder ingrypend van aard.*

Maar dis nie die lidmate wat die probleem is nie sê party mense. Die predikante is die probleem, daarom loop die lidmate rond.

Kan waar wees en is verseker, maar dit sal nie help om afskaffing van gemeentegrense as medisyne voor te skryf wanneer toesig en kontrole oor die predikant nie funksioneer nie.

Ons sal die regte saak moet dokter en nie allerlei ander muti soek vir dinge wat nie die werklike probleem is nie.

Bowenal is daar by al die nadele van grense al dan nie, twee sake wat die afskaffers ten minste eers sal moet antwoord.

1. Hoe sal die wegdoen van grense die uitoefening van tug raak. Iets wat nou met grense en al baie moeilik en selde plaasvind, want ek gaan maar doodeenvoudig net na 'n ander kerk toe. Aan die anderkant hoef so iemand as grense afgeskaf word dit ook nie meer te doen nie. Hy gaan nou bloot na 'n ander gemeente.

2. Hoe gaan hulle sonder grense keer dat ons nie gemeentes van geesgenote word nie maar gemeentes van geloofsgenote bly? Weereens aan die anderkant kan dit die probleem van onenigheid en kerkskeuring heeltemal oplos. Jy gaan nou bloot na of die Oop NG Kerk of die Toe NG Kerk, die Lofprysende NG Kerk of die Psalmsingende NG Kerk, die Tradisionele NG Kerk of die Vernuwende NG Kerk, so al op die wysie van die geskiedenis daar by Winburg se NAT en SAP NG Kerk.

Die groot gevaar is dat die algemene sinode op voetspoor van Noord-Transvaal(se ultra vires besluit) die goue middeweg gaan kies. Gemeentegrense word behou, maar lidmate kan gaan waar hulle wil. Natuurlik met toestemming van kerkrade(sic)?

Christian D.

ISSN 1017-6837 VDM-no. 6 jg 3/2 Oktober 1993

# HERLEWING NOU NADER AS OOIT!!!

*Die tyd vir 'n werklike grootse en landswye herlewing in Suid Afrika is nou baie nader as ooit! In 1987 wou die herlewing nie lekker werk nie. Die geestelikes wou die herlewing gebruik as weerligafleier vir "Kerk en samelewing" se strydpunte. Die voorvegters van "Kerk en samelewing" het hierdie uitkoms aangegryp. Toe tree die pers tussen beide en die uitkoms is daarmee heen. En saam daarmee die herlewing! Sela.*

*In 1974 het ons 'n lekker jeugherlewing gehad wat gewerk het, so van jeug-tot-jeug? Die staat was bang vir die jeug rewolusie in Europa maar hulle geestelike broers het gewaarborg dat die jeug vir Jesus en nie vir die rewolusie gewen sal word nie. Die slegte nuus dit het net met die kinders gewerk. Die vrou-tot-vrou, man-tot-man-herlewings wou nie so lekker uitwerk nie. Daar was nie genoeg vrese en vertwyfeling nie. Te lekker materialisties in die sewentigs.*

*Die veertigers se sendingherlewing het ook lekker gewerk. Met die apartheidsverslae wat die nie-blanke wou oorheers was dit net die regte geestelike wapen. Maar dit was onregverdig want die blankes wou nie so lekker herleef nie. Niks gehad om te bely nie.*

*Die twintigers se herlewing was 'n katastrofe. Die AGS het in die Transvaal die inisiatief van die Kaapse herlewing oorgeneem. Voor 'n Murrayherlewing behoorlik in die Ned. Geref. Kerk van Transvaal kon begin het die AGS die herlewing onder die verstedelikende Afrikaner aan die gang gekry. Nie lekker gewerk nie. Die Afrikaner is verdeel. Almal het herleef, party vir die AGS, party vir die Ned. Geref. Kerk.*

*In 1860 was die herlewing 'n reuse sukses in die Kaap. Vervreem van Europa, ge5soleer onder die Engelse invloed was dit die enigste geestelike norm en gesag. Lekker in die Kaap gewerk, wou nie in Transvaal nie, twee ander kerke word gestig. Die mense het gevoel die Kaapse herlewing gaan saam met oorheersing, moes Engels wees het hulle gedink. Nie geweet van geestelike uitbuiting nie.*

*Met Rhodesië en SWA wou-wou herlewings posvat. Die mense is egter al so bietjie kerkvreemd en vanuit SA kon 'n mens nie die mense bang kry nie. Hulle het politiek vermoed.*

*Maar - Halleluja - nou is dit alles anders en almal is gereed. Almal in Suid Afrika, oud en jonk, swart en wit, Engels en Afrikaans, AGS en Ned.Geref. is desperaat, moedeloos, afgetakel en sonder uitsig.*

*Die mense soek 'n mag wat almal een sal maak. Almal weet die planne gaan nie lekker werk nie. Nou is die tyd vir herlewing. Almal is bang genoeg, almal is desperaat genoeg en die owerhede wil dit hê. Jesus moet die antwoord wees.*

*Herleef gaan ons herleef. Net genoeg bely, net genoeg berou, met 'n bietjie oorgawe en fantasie daarby en almal glo dat Jesus ons sal verhoor. Ja, as ons herleef sal Jesus sommer self al die land se probleme oplos. En al gebeur dit nie het ons nou alla Marx iets geestelik om ons te verdoof in die chaos wat ons self geskep het.*

*Die herlewings-tamboere moet nou en nie later geslaan word. Die tyd is reg vir 'n ongekende eenmalige landswye herlewing wat alles en almal sal oorweldig.*

Athanasius.